# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2.4 Vol. 184 PG 9500 - 9566

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-03-02

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

184

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 184

(Bladsye 9 500 - 9 566 )

HOF HERVAT OP 2 MAART 1987.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : Ek wil net op rekord plaas beskuldigde nr. 10 is nog steeds afwesig.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Mnr. Ramakgula, by die vergadering van 26 Augustus 1984 is one nou mee besig. Is u seker dat beskuldigde nr. 8 wat opgetree het as die voorsitter daar het opgestaan toe die vergadering begin het en hy het bekend gemaak dat dit ꞥ gesamentlike vergadering van Zone 3 en Zone 7 is? -- Ek sê so.

En hy het toe verduidelik dat hulle nie ꞥ eie plek kon kry waar Zone 3 vergadering kon hou nie en daarom hou hulle saam met Zone 7 hulle vergadering? -- Ek sê so.

En hy het daarna vir beskuldigde nr. 17 gevra om met ꞥ gebed te open? -- Wat ek sê is dat die voorsitter het daar opmerkings gemaak en toe daarna het hy gevra dat beskuldigde nr. 17 bid. Alhoewel ek self nie gehoor het toe hy hom gevra het in die tyd wat hy hom vra nie.

U sien, ek wil aan u stel beskuldigde nr. 8 se weergawe is net die teenoorgestelde van u s'n.

HOF : Bewysplek?

MNR. FICK : Volume 175 bladsy 8 981. Hy sê hy het niks gesê nie, hy het net beskuldigde nr. 17 laat bid en daarna het hy sy toespraak gemaak? -- Wie het nou die toespraak gemaak? Beskuldigde nr. 17 of beskuldigde nr. 8?

Beskuldigde nr. 8, maar eers nadat beskuldigde nr. 17 met gebed geopen het en nie soos u gesê het voor die tyd nie? -- Ek het verlede week vir die Hof gesê dat ek nie presies die volgorde kan onthou wat die dinge daar plaasgevind het nie. Wat ek wel kan onthou is dat beskuldigde nr. 17

het/...

het gebid en beskuldigde nr. 8 het bekend gemaak oor die vergadering. Watter van die twee die eerste plaasgevind het kan ek nie sê nie.

Het u niks gehoor van enige aankondigings daar op die vergadering dat beskuldigde nr. 17 en beskuldigde nr. 8 sal gesamentlike voorsitters wees van hierdie vergadering wees nie? -- Daardie een het ek glad nie gehoor nie.

En u het ook niks gehoor oor die feit dat daar gesê sou gewees het dat ŉ neutrale voorsitter is gereël vir hierdie vergadering maar die man het nie opgedaag nie? -- Ek het hier gesê dat ek het gesien dat beskuldigde nr. 8 die voorsitter is. Wat die res van die dinge daar was en wat daar gereël was wat ek nie van weet nie, weet ek nie van nie.

Nee, maar die vraag is het u nie gehoor dit word so bekendgemaak in die vergadering nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

En u het ook nie ŉ ander aankondiging gehoor dat beskuldigde nr. 8 gesê het dit is nie reg dat Gebied 3 of Gebied 7 ŉ voorsitter aanwys nie, maar die gehoor moet nou self ŉ voorsitter aanwys? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Want u sien, dit was so gestel aan Masenya, dit is volume 13 bladsy 628 tot 630. Kan u daarop antwoord? -- Ek getuig hier voor die Hof van wat ek onthou en wat ek gedoen het. Ek sal u sê, hierdie dinge het lank gelede plaasgevind. Ek kan dus nie daarvan onthou nie.

Maar wat u wel kan onthou is, beskuldigde nr. 8 het gesê hy vertrou dit gaan ŉ vreedsame vergadering wees? -- Ja, dit onthou ek.

MR BIZOS : My Lord, I just want to point out with respect

at/...

at page 628 to 629 it does not appear that it was put that accused no. 8 said so as put by the ... (Court intervenes)

COURT : Well, somebody must have said it "that as people from both Zone 3 and Zone 7 were there, it would not be right to have a chairman either from the one zone or the other. That the meeting should indicate a neutral chairman. Do you recall that? - I cannot remember that."

MR BIZOS : Yes, I am not quarrelling with that, but what I am saying is that the question put was that accused no. 8 said that.

COURT : Who said it then?

MNR. FICK : Die Staat sal maar op die ou end argumenteer dat dit net beskuldigde nr. 8 kon gewees het wat uiteindelik die voorsitter was. Ek wil aan u ook verder stel dat dit uiters vreemd is dat u ʼn onbenullige aspek van beskuldigde nr. 8 kan onthou dat hy gesê het dit moet ʼn vreedsame vergadering wees, maar u kan nie onthou die hele probleem rondom die voorsitter nie en dit terwyl u beskuldigde nr. 8 hier sien as voorsitter en u weet nie hoe kom hy daar nie? -- Dit is ʼn normale ding om te vergeet van die dinge wat lank gelede gebeur het. Ek het alreeds hierso gesê dat ek sal praat van dinge wat ek onthou.

U sien, ek wil aan u stel dat nie eers beskuldigde nr. 8 self aan wie u hierdie woorde toedig het getuig dat hy gehoop het dit is ʼn vreedsame vergadering nie? -- Is die stelling dat beskuldigde nr. 8 self so getuig het?

Nee, die probleem is beskuldigde nr. 8 self het nie eers gesê hy hoop dat dit ʼn vreedsame vergadering is nie en die stelling is u het hierdie goed uit u duim gesuig, dit is nooit gesê nie? -- Ek getuig van wat ek gehoor het wat

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 8 gesê het. As dit aan my so gestel word dat hy geen melding daarvan gemaak het nie, hang dit natuurlik af of hy daaromtrent gevra was of wat die vraag is wat verwag is om te sê hy het so gesê.

U het geen probleem op hierdie vergadering gehad om beskuldigde nr. 8 te verstaan nie. Is dit korrek? -- Ja, u praat die waarheid.

Maar u kon niks verstaan van wat beskuldigde nr. 5 gesê het nie, want hy het Zoeloe gepraat en u verstaan nie Zoeloe nie? -- U het nou net gevra of ek geen probleme gehad het met die toespraak van beskuldigde nr. 8 op wat hy gesê het daar nie. Is dit nie waar nie?

HOF : Praat u nie miskien 'n bietjie vinnig nie? Die tolk het u miskien nie gevolg nie.

MNR. FICK : Die vraag wat ek u vra is, u kon wel verstaan wat beskuldigde nr. 8 sê, maar u kon nie verstaan wat beskuldigde nr. 5 gesê het op die vergadering nie, want u is nie Zoeloe magtig nie? -- Ja, ek sê so.

En tot daardie vergadering geëindig het, 26 Augustus 1984 het u nie 'n idee gehad waaroor beskuldigde nr. 5 gepraat het nie? -- Dit is wat ek sê. Beskuldigde nr. 5 het 'n taal gebesig wat ek nie goed magtig is nie. Met die gevolg ek kon net sien en hoor dat hy praat, maar waaroor hy presies gepraat het, is ek nie in staat om vir hierdie Hof te sê wat hy gesê het nie.

HOF : Die antwoord was ja. Sê dan net ja. Moenie 'n lang storie vertel as die antwoord ja is nie. -- Ja.

MNR. FICK : En toe die vergadering verdaag het die 26ste, toe het u nog steeds nie geweet waaroor beskuldigde nr. 5 gepraat het nie? -- Dit is reg.

Ek/...

Ek wil aan u stel u vertel leuens, want dit is gestel aan die getuie Mahlatsi in Volume 43 bladsy 2 058 dat aan die einde van elke spreker se toespraak het beskuldigde nr. 8 dit opgesom vir die gehoor? -- Ek sê ek het nie gevolg wat beskuldigde nr. 5 gesê het nie.

U antwoord nie die vraag nie. Die vraag is, is dit nie so dat - of u nou beskuldigde nr. 5 verstaan het of nie - u geweet het wat beskuldigde nr. 5 gesê het want beskuldigde nr. 8 het dit aan die gehoor oorgedra aan die einde? -- Ek herhaal dit, ek het dit nie gehoor nie.

Is dit dan ŉ leuen dat beskuldigde nr. 8 die sprekers se toesprake opgesom het aan die einde? -- Dit sê ek, dit is ŉ gewoonte na elke spreker dat die voorsitter opmerkings maak.

U moet nou die gewoontes los en die vrae antwoord. Is dit ŉ leuen dat beskuldigde nr. 8 elke toespraak van die sprekers opgesom het? -- Behalwe om dit te noem as ŉ gewoonte, is dit eintlik in werklikheid die waarheid dat die voorsitter altyd iets sal sê, kommentaar sal lewer na elke spreker, maar wat ek vir die Hof wil laat verstaan is dat ek sal nie alles kan onthou, die opmerkings wat deur die voorsitter gesê was na elke spreker nie.

Rina Mokoena, kan u enigsins onthou op watter stadium sy gepraat het op die vergadering? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou waar was sy toe sy gevra was om te praat? -- Wat ek weet is dat sy op die verhoog was.

Het u haar al ŉ hele rukkie op die verhoog gesien voor sy gevra was om te praat? -- Ek weet nie hoe lank nie, maar ek het haar gesien op die verhoog.

Voor die toespraak? -- ja.

Het/...

Het sy gesit daar? -- Ja, sy het daar voor gesit.

Kan u onthou langs wie? -- Ek kan nie onthou nie.

U sien, ek wil aan u stel aan Rina Mokoena is gestel dat sy het nie op daardie saal se verhoog gesit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter plek?

MNR. FICK : Volume 38 bladsy 1 770 - soos u nou sê en opgestaan en toesprake gemaak nie. Sy het by die saal ingekom en toe sien hulle haar en toe sê hulle "Jy moet kom praat." Toe maak sy ŉ toespraak? -- Ek sê ek het haar vir die eerste keer gesien op die verhoog en toe het sy later ŉ toespraak gelewer nog steeds op die verhoog. Op watter stadium sy daar aangekom het, het ek nie gesien nie.

Is die stelling dan ŉ leuen dat sy daar aangekom het en onmiddellik toe sy instap was sy gevra om te praat? -- Ek sê nie die stelling is verkeerd nie, want ek is nie die persoon wat die mense geroep het om te kom praat nie.

HOF : Die stelling wat gemaak is, is die volgende. "You were called upon to speak as soon as you arrived in the hall?" en Rina het gesê dit is reg. Trouens, sy het verder gegaan en gesê die oomblik toe sy in die saal inkom, toe het beskuldigde nr. 8 gesê "Hier is mev. Mokoena. Sy sal nou oorneem." -- Wat is die stelling nou daar? Ek volg nie mooi nie.

Die stelling is dat dit aan mev. Mokoena gestel is dat sy by die saal ingekom het en oombliklik toe sy by die saal ingekom het, is daar gesê "Kom praat" en dat sy toe kom praat het. -- My verstaan van hierdie stelling is die volgende. Dit kan wees dat daar ŉ ander spreker besig was om te praat toe Rina daar ingekom het en sy het toe by die verhoog

'n rukkie gaan sit tot die persoon klaar gepraat het en toe daarna opgestaan het en gepraat het. Dit is maar dieselfde posisie soos ek dit noem, dat sy eers op die verhoog was en toe begin praat het.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u u is nou besig om blatant leuens te vertel aan hierdie Hof, want die vraag van die begin af was waar was sy toe sy gevra was om te praat. -- Nee, die normale prosedure sal wees dat as 'n spreker nou genooi word dat hy of sy kom praat terwyl daar nog iemand besig was met 'n toespraak, sal die persoon na die verhoog toe gaan en daar gaan wag tot tyd en wyl die ene wat besig is klaar is. Dan sal daardie persoon opstaan vanwaar die persoon gesit en wag het vir die kans om te praat.

Ek sal hierdie ding verder argumenteer. Was daar enige sprekers wat u betref wat laat gekom het by die vergadering? -- Ek weet niks van die sprekers wat laat opgedaag het nie, want ek is nie die persoon wat die sprekers geroep het nie.

Nee, u was in die gehoor en u het vir die Hof 'n klomp goed gesê wat u gehoor het in die gehoor. Het u gehoor dat daar 'n spreker laat opgedaag het by die vergadering? -- Ek het dit nie gehoor dat dit bekend gemaak was dat daar sprekers is wat laat is nie.

U het ook nie gehoor hulle soek 'n man om te kom praat en hy is nie daar nie? -- Ek is hier aangeraai deur die Hof om te antwoord ja of nee en ek sê duidelik dat ek dit nie kan onthou nie, ek weet nie of dit gebeur het nie, want dit het niks met my te doene gehad nie.

Want u sien beskuldigde nr. 10 in volume 160 op bladsy 7 889 sê vir die Hof dat hy het juis vir beskuldigde nr. 5 geroep om te praat nadat hy, beskuldigde nr. 10, self

gepraat/...

gepraat en juis omdat beskuldigde nr. 5 nie daar is nie het hy vir jou tante, mev. Rina Mokoena, gevra om te praat? Ekskuus tog, ek wil dit net regstel, die hy wat gevra het is beskuldigde nr. 8 na beskuldigde nr. 10 gepraat het. Beskuldigde nr. 8 het gevra Rina Mokoena moet praat omdat beskuldigde nr. 5 nie daar is nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit beskuldigde nr. 10 se getuienis?

MNR. FICK : Dit is beskuldigde nr. 10 se getuienis. -- Ek het niks te doene gehad met wat beskuldigdes nrs. 8 en 10 gedoen het daar nie en as dit die stelling is wat nou aan my gestel word dat dit so gebeur het, beteken dit dus dat hulle kon nie net vir Rina Mokoena geroep het sonder dat hulle geweet het of sy daar is nie. Met die gevolg ek sê, hulle moes bewus gewees het van haar teenwoordigheid. Ek was nie bewus van beskuldigde nr. 5 se aanwesigheid daar nie, want hy was nie eers aan my bekend nie.

Beskuldigde nr. 10, waar was hy toe gevra was om te praat? -- As ek reg onthou, volgens my geheue, was hy tussen die gehoor gewees.

En wat gebeur toe hy gevra word om te praat, beskuldigde nr. 10? -- Hy het opgestaan en na die verhoog toe gegaan.

Het daar niks gebeur terwyl hy na die verhoog toe gaan nie? -- Hy het gesing. Hy het 'n lied gesing.

Nadat beskuldigde nr. 10 gepraat het, is hy terug na sy sitplek toe tussen die gehoor? -- Dit sal ek nie so goed onthou nie.

U het vir die Hof gesê dat toe die probleme rondom Masenya ontstaan, toe het beskuldigde nr. 10 vir beskuldigde nr. 3 bygestaan om orde te herstel? -- Ek sê so.

Hoe/...

Hoe het hy dit gedoen? Wat het hy gedoen? -- Ek sê Masenya het net begin praat oor die huur en die ontevredenheid oor die huurverhoging uitgedruk. Toe hy net begin melding maak van die raad, het 'n vroumens hom in die rede geval voor hy iets verder gesê het.

HOF : Hoe het beskuldigde nr. 10 vir beskuldigde nr. 8 bygestaan? -- Onmiddellik na Masenya melding gemaak het van die raad, dit is die raadslede, het die gehoor toe 'n geraas gemaak en buite beheer geraak, as gevolg waarvan beskuldigde nr. 8 gepoog het om hulle stil te maak. Met dit het beskuldigde nr. 10 hom ook bygestaan om die orde te kry van die vergadering.

Hoe het hy hom bygestaan? -- Hy het ook daar gepraat en vir die mense gesê om stil te bly.

MNR. FICK : Is dit al wat hy gedoen het om vir die mense te sê hulle moet stilbly? -- Ek kan nie sy presiese woorde aanhaal nie, maar ek sê hy het gehelp deur te sê dat die gehoor stil moet bly. Hoe hy begin het en hoe hy dit verder uitgevoer het, kan ek nie meer sê nie.

Masenya, toe hy opgestaan het en die probleme gekry het, waar in die saal het hy gesit? Heel voor, agter, waar? -- Ek was in die middel van die saal gewees tussen die gehoor. Masenya was ongeveer vanwaar ek staan na daardie TV-stel voor my.

HOF : Twee meter, drie meter.

MNR. FICK : Was hy voor u? -- ja.

Die vrou wat hom daar onderbreek het, het sy gesê "Jy moet kies tussen die raadslede en die gemeenskap voor jy kan verder praat oor raadslede" of presies wat het sy vir hom gesê? -- Die volgende woorde was gebesig deur die

vroumens/...

vroumens gerig aan die voorsitter dat Masenya deelgeneem het aan die verkiesings van die raadslede. Hy het self daar as ŉ kandidaat gaan staan om gekies te word en alvorens hy enigiets kan sê aangaande die raadslede of die raad self sal hy sy standpunt moet verduidelik of hy nou in die gemeenskap se kant staan in die hele situasie en of hy nog steeds met die raadslede kant.

Het iemand vir Masenya gesê "Kyk, jy moet eers die raadslede repudieer voor jy kan verder praat oor die raadslede"? -- Dit het ek nie gehoor nie.

Wat was beskuldigde nr. 8 se houding na die orde herstel is ten opsigte van Masenya? Het hy enige voorwaardes gestel aan Masenya of het hy net gesê "Kyk, jy kan maar praat"? -- Wat ek gehoor het is dat hy gesê het dit is Masenya se kant, Masenya kan voortgaan.

En Masenya het toe uit sy eie uit, toe hy nou die kans kry om te praat, toe sê hy hy wil nie praat nie? -- Dit is hoe dit gebeur het.

U sien, dit is nie wat gestel word aan die Staatsgetuies nie. In volume 14 op bladsy 705 word daar gestel aan Masenya dat hy is gesê jy moet die raadslede repudieer en omdat Masenya geweier het om dit te doen, is hy nie ŉ verdere kans gegee om te praat nie? -- Is dit ŉ stelling waarop ek moet antwoord of wat is die posisie?

<u>HOF</u> : U is geregtig om kommentaar daarop te lewer as u wil. -- Gedurende hierdie geraas en die lawaai wat daar was na Masenya begin praat het, is dit moontlik dat van die mense in daardie geraas gesê het dat Masenya sy standpunt moet verduidelik of gesê het dat hy die raadslede moet repudieer. Ek kan nie sê nie.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Maar u sien, dit wat u nou sê bots nog steeds met die stelling wat gemaak is en die stelling was "Let me make it even clearer that you refused to repudiate the councillors and that is why you were not given a further hearing", maar u sê hy het 'n verdere geleentheid gekry om te praat? -- Wat ek verduidelik daar is dat Masenya miskien mag gehoor het wat die gehoor gesê het in die geraas wat hulle gemaak het daar en as gevolg daarvan het hy besluit dat hy nie verder gaan praat nie, maar die voorsitter het sy plig uitgevoer deur Masenya 'n kans te gee om verder te praat.

Ek sal dit nie verder voer nie. Het u gesien wat van die vrou geword het nadat sy opgestaan het en beswaar gemaak het teen Masenya se toespraak? -- Nee, ek het nie gesien nie. Ek het nie gekyk wat van haar geword het nie.

Ek gaan nog steeds aan met die vergadering van 26 Augustus en ek wil met u verder gaan toe Masenya die tweede keer gepraat het volgens u. Dit was op die stadium toe daar klaar oor die "stay away" en die mars gepraat is op die vergadering. Is dit reg? -- Dit is hoe ek dit onthou, ja.

Kan u nog onthou wie het gepraat oor hierdie "stay away" en die mars op die vergadering? -- Ek weet nie wie die persoon is nie, maar dit was tussen die gehoor gewees.

U het ook getuig dat Masenya wou verneem wat van die kinders en die familie van die persone wat in die mars gearresteer is. Is dit reg? -- Ek sê so, ja.

Wie het daardie vraag geantwoord, sê u? -- Die vraag was beantwoord deur verskillende mense tussen die gehoor. Ek weet nie presies wie nie.

Maar het iemand van die verhoog ook darem nou 'n antwoord gegee? -- Ek sê mense teenwoordig daar het daarop geantwoord.

Dit/...

Dit is verskillende mense wat daarop geantwoord het.

HOF : Die vraag is of dit van die verhoog af ook is? -- As ek van verskillende persone praat wat geantwoord het daar in daardie vergadering, sluit dit in almal teenwoordig. Dit wil sê die verhoog en die gehoor.

MNR. FICK : In die beantwoording van hierdie vraag, het iemand gesê daar die mense moenie lafaards wees nie? -- Die woord het ek nie gehoor nie. Ek weet nie. Wat ek wel kan sê is dat die antwoorde wat daar verstrek was op hierdie vraag van Masenya, was die volgende. Dat die gemeenskap wat die besluit geneem het op hierdie optog sal toesien dat die kinders van die mense wie se ouers gearresteer is tydens die optog moet voor gesorg word.

Wat was die vergadering se resolusie hieroor? Wie gaan kyk na die kinders van die mense wat gearresteer is? -- Ek sê van die antwoorde wat verstrek was op die vraag van Masenya het hulle gesê dit is die posisie.

Het die vergadering nooit 'n besluit geneem daaroor en gesê "Kyk, dit is nou wat gaan gebeur" nie? -- Die vergadering het geen besluit hierop geneem nie, want dit was nie verwag dat mense tydens hierdie optog gearresteer word nie. Masenya het dit wel genoem miskien omdat dit so in sy gedagte gekom het dat hy daaraan gedink het.

U het verder ook vir die Hof gesê tydens die vergadering het julle gepraat oor die busse en die vervoer, die huurmotors wat op 3 September nie sou opereer nie? -- Dit is korrek.

En die verstandhouding van die vergadering was dat die busse 18h00 daardie aand weer sal beweeg om die werkers na die werk toe te neem? -- Ek sê in die bespreking wat daar

gehou/...

gehou was by hierdie vergadering, was daar sulke melding gemaak dat busse sal begin beweeg om en by daardie tyd omdat die optog alreeds verby sal wees by daardie punt.

Het julle ŉ besluit geneem dat die busse en huurmotors weer na 18h00 kan beweeg op 3 September? -- Ek sê nie daar was enige besluit daaromtrent geneem nie. Ek sê in die besprekings daar was daar melding gemaak hiervan.

En was dit die gevoel van die hele vergadering dat dit in orde is, die busse kan na 18h00 op 3 September weer begin beweeg? -- Dit is hoe ek dit kan onthou. Dit is hoe dit bespreek was.

En u was op 3 September teen die aand se kant natuurlik baie verbaas toe u sien hier is geen busse nie en hier is geen huurmotors nie? -- Ja, as gevolg van die toestand destyds.

Ek wil aan u dokument AN15(vi) toon. Hierso staan "Residents of the Vaal Triangle hereby request you to withdraw your transport service on 3 September 1984 for 24 hours in protest against high rentals and tariffs in the Vaal Triangle." Kan u vir die Hof sê weet u wanneer is besluit die boikot moet vir 24 uur wees en nie tot 18h00 die aand nie? -- Toe daardie verslag geskryf is was ek nie by nie. Ek getuig hier oor wat gesê was in hierdie vergadering.

Hierdie BEWYSSTUK AN15(vi) stem u saam dit was teenstrydig met die gees van die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ek stem saam met daardie dokument, want daar was besluit gewees dat die winkels gesluit sal wees vir 24 uur.

HOF : Die dokument handel nie met die winkels nie. Die dokument is ŉ versoek dat die vervoerdienste onttrek word as protes vir 24 uur. -- Om dit vir my duideliker te maak dat ons hierdie dokument maar kan bespreek. Wie is die skrywer

van/...

van daardie dokument, as ek miskien mag weet?

HOF : Dit wil voorkom of dit die VCA is? Ons kan die vraag miskien aan julle vra. Ek weet nie.

MNR. FICK : Die dokument sê nie van waar kom hy presies nie. -- As dit die geval is, sal ons maar aanvaar dat u die skrywer daarvan is aangesien u weet wat die inhoud daarvan is.

Jou antwoorde gaan jou duur bekom in hierdie saak. Die kwessie van die huurmotorbestuurders op die vergadering, het u gehoor dat iemand op die vergadering gesê het maar toe die huurmotorbestuurders sê wat van die huurmotors wat met klippe gegooi kan raak op 3 September het iemand gesê want hierdie is ŉ oproep vir ŉ "stay away", dit is nie ŉ oproep om te gaan klippe gooi nie? -- Wil u weet wat my kommentaar daarop is?

Nee, ek vra het u gehoor dat iemand op die vergadering sê "maar kyk, dit is ŉ oproep vir ŉ 'stay away', dit is nie ŉ oproep vir klipgooiery na taxi's nie"? -- Ek het nie gehoor van die klipgooiery nie.

Het u enigiets gehoor dat daar iets oor huurmotors bespreek is op 3 September 1984 - of die moontlikheid bespreek is dat huurmotors beskadig kan word op 3 September 1984? -- Ek weet dat daar melding gemaak was van huurmotors toe die vervoer bespreek was, maar presies wat daaromtrent gesê was, kan ek nie onthou nie. As ek reg onthou, die persoon wat hierdie onderwerp voorgestel het was Zoeloesprekend. Ek sal u sê hoekom, want onmiddellik na daardie persoon in Zoeloe gepraat het, het die volgende sprekers toe melding gemaak van huurmotors. Dit is onder daardie omstandighede dat ek sê ek vermoed dat daardie persoon die persoon is

wat/...

wat melding gemaak het van die huurmotors.

Het iemand op die vergadering van 26 Augustus 1984 gesê die oproep vir 'n "stay away" is 'n oproep aan die werkers en dat hulle hoop dit gaan suksesvol wees en hulle hoop die mense reageer goed daarop? -- Ja, u praat van wat presies daar gesê was.

Kan u onthou wie dit gesê het of kan u nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

U het nou 'n probleem en ek gaan vir u sê hoekom. U hou vol u het nooit geweet wat beskuldigde nr. 5 gesê het nie, maar beskuldigde nr. 10 sê hierdie woorde was beskuldigde nr. 5 se woorde op die vergadering? -- Ek het al verlede week vir die Hof gesê ek het nie gevolg wat beskuldigde nr. 5 gesê het nie. Wat beskuldigde nr. 10 getuig oor wat beskuldigde nr. 5 sou gesê het by hierdie vergadering is wat beskuldigde nr. 10 verstaan het beskuldigde nr. 5 sê.

U Edele, die verwysing is volume 160 bladsy 7 892. As beskuldigde nr. 5 dit gesê het kon u self dit nie gehoor het nie? -- Dit is wat ek getuig, ja.

<u>HOF</u> : U bedoel gehoor het of verstaan het?

<u>MNR. FICK</u> : Verstaan het? -- Dit is reeds getuig van verlede week af en dit is dat ek nie beskuldigde nr. 5 se toespraak verstaan het nie.

Is op die vergadering dieselfde prosedure hier gevolg met betrekking tot die voorstelle en resolusies as wat julle gevolg het op 9 Oktober 1983 by VCA se stigting? -- Bedoel u met betrekking tot die besluite?

<u>HOF</u> : Bedoel u dat daar skriftelike voorstelle ingewag is?

<u>MNR. FICK</u> : Ek sal hom uitmekaar uit trek. Is daar een vir een voorstel gemaak en oorweeg deur die vergadering? --

Wat/...

Wat ek onthou gebeur het is die volgende. Die besluite, die resolusies is ingegee en na hulle ingegee is, is hulle toe bespreek. Na hulle bespreek is, is een vir een besluite oor geneem.

Nadat al die resolusies oor besluite geneem is, het die voorsitter, beskuldigde nr. 8, vir die gehoor gesê "Kyk, nou lees ek vir julle al die resolusies wat aanvaar is. Stem julle saam?" Het dit so gebeur? -- Wat ek sê is, beskuldigde ... eintlik wat daar gebeur het is die resolusies is aanvaar en dan voor hulle aanvaar was, was hulle bespreek om aanvaar te word as besluite. So, wat gebeur het is, daar was ŉ resolusie voorgebring byvoorbeeld oor ŉ sekere iets en dan moet die vergadering dit nou bespreek en besluit daaromtrent. Dan word dit aanvaar.

HOF : Hulle is nie almal weer voorgelees as ŉ geheel aan die einde van die vergadering nie? -- Nee, ek kan nie onthou dat dit gebeur het nie.

MNR. FICK : U gebruik die woord "ingegee", "hulle is ingegee", wat bedoel u daarmee? Skriftelik of mondeling? -- Wat ek daarby bedoel is, die gehoor het besluit mondelings en gesê "Ons soek ŉ 'stay away'." Dan word dit neergeskryf. "Ons wil ŉ optog hê". Dan word dit neergeskryf en daarna sal dit een vir een bespreek word en hy sal dit dan lees.

Nadat al hierdie resolusies aanvaar is, het die voorsitter, beskuldigde nr. 8, die mense bedank? -- Ek het nou al meer as een keer getuig dat dit die normale prosedure is.

Niemand het dit vir u gevra nie. U mors tyd. Sê net ja of nee? -- Dit is omdat ek nie kan onthou of hy dit gedoen het, al dan nie. Dit is hoekom ek so antwoord.

En/...

En u het toe besluit maar kyk, die resolusies is nou klaar, hier gaan niks aan waarby u belang het nie, daar gaan nou net Gebied 3 se mense gekies word en u staan toe op om te loop. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En hier loop u vir Edith en Esau raak toe hulle die saal inkom toe u op pad uit is?-- Ek het hulle nie raakgeloop nie. Ek was ŉ distansie vanaf die deur toe hulle die deur binnegekom het.

Binne-in die saal? -- Ja, ek was nog binne-in die saal.

HOF : Die distansie vanaf die deur is 3 meter.

MNR. FICK : En u gaan toe uit? -- Ja, na hulle ingekom het het ek toe uitgegaan en ek is toe weg.

Dadelik? -- Die dadelik kan ek nie verstaan nie, maar ek sal vir die Hof weer sê wat gebeur het. Ek het hulle gesien inkom. Ek het gewag vir hulle om in te kom, tot hulle by die voorsitter gekom het. Ek kon sien dat hulle daar ŉ gesprek uitgevoer het met die voorsitter en met dit het ek toe uitgestap. Ek weet nie of ŉ mens kan sê dit is dadelik nie.

Huis toe? -- Ja, dit is reg.

U sit hier in ŉ vergadering, die hele tyd van Gebied 3 en Gebied 7, die voorsitter is die hele tyd nie op die vergadering nie, toe sy inkom, toe loop u huis toe. Hoekom? -- Wat was die rede vir my gewees om nog vir haar te wag want die vergadering was klaar?

Hulle kom met ŉ banier daar ingeloop, singende. Het u nie belang gestel om te hoor wat gaan nou hier aan nie? -- Waarvoor ek na hierdie vergadering toe gegaan het was oor die huur en niks anders nie. Ek het nie daarheen gegaan vir die liede of vir enige gesingery nie.

Maar/...

Maar was u nie nuuskierig om te hoor wat gaan Edith nou sê waar was sy die hele tyd gewees toe die vergadering aan die gang was en sy daar moes gewees het nie? -- Luister, ons moet mekaar mooi verstaan. Edith is nie my Here nie en Edith is eintlik nie my God nie. So, ek het daarheen gegaan oor die huur en ons het die huur bespreek. Ek is nou klaar met die huur. Ek besluit nou wat om te doen en ek gaan weg.

Was u nie nuuskierig om te hoor wat kom maak die voorsitter, u is op haar komitee en hier kom sy nou aan, sy was nooit by die vergadering nie, was u nie nuuskierig om te hoor wat kom maak sy nou hier nie? -- Ek het alreeds gesê dit het ek nie gedoen nie. Ek is weg huis toe.

Die banier wat hulle mee ingekom het, Edith en Esau en die jeug, wat was op die ding geskryf? Weet u? -- Ek onthou dat daar Vaal Civic geskryf was.

Was dit die Vaal Civic se eie banier of het daarop iets anders gestaan? -- Dit was geskryf Vaal Civic, maar daar was iets van UDF daarop aangeteken.

Ek wil eerstens aan u stel u weergawe dat Esau hier gekom het by hierdie vergadering toe al die resolusies klaar bespreek is, is vals? -- Ek sê dit het so gebeur.

En ek stel dit ook aan u u weergawe van hoekom u daarheen gegaan het en hoekom u nie daar gebly het by die vergadering nie is totaal ongeloofwaardig, u vertel leuens vir die Hof? -- As ek nie die waarheid praat nie en nie weggegaan het nie, weet u seker beter as ek wat ek gedoen het. Kan u dan vir die Hof sê wat ek gedoen het?

Ek stel aan u dat beskuldigde in volume 161 op bladsy 7 908 stem in elk geval nie met u saam nie. Hy sê Esau het daar gekom toe hierdie resolusies nog bespreek is? --

Beskuldigde/...

Beskuldigde nr. 10 getuig oor wat hy onthou en ek getuig oor wat ek onthou en wat ek persoonlik gedoen het.

Wanneer na hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 het u vir Edith weer gesien die eerste keer? -- Ek het haar die 1ste ontmoet.

HOF : 1 September? -- Ja, 1 September.

MNR. FICK : Weet u vandag wat Edith by daardie vergadering van die 26ste loop maak het toe sy daar met die banier ingekom het? -- Ek het haar nie gevra wat sy daar gaan soek het nie.

U het haar ook nie gevra waar het sy vandaan gekom toe sy met die banier daar aangekom het nie? -- Ek het haar nie gevra nie.

Ek stel dit aan u dit maak die antwoord wat u gegee het nog meer ongeloofwaardig? -- Edith dien in die komitee van Gebied 7 as 'n voorsitter en hierdie vergadering wat daar gehou is, is 'n vergadering wat Gebied 7 ook betrek. Haar gaan soontoe kan ek nie bevraagteken nie, want sy is ook maar verbonde aan die komitee daar. So, ek het geen reg gehad om vir haar te vra hoekom sy soontoe gegaan het nie. Net so, ek het ook soontoe gegaan en niemand het my daaroor gevra nie.

Nee, u het die ding verkeerd. Edith is van Gebied 7. Die hele tyd wat Gebied 7 se vergadering aan die gang is, is sy net weg. Toe Gebied 3 se vergadering begin, toe daag sy op. Sy is die voorsitter, maar u vra haar nooit "Maar wat maak jy by Gebied 3 se vergadering? Hoekom was jy nie by Gebied 7 se vergadering nie?" -- Haar handlanger was teenwoordig by hierdie vergadering van die 26ste.

HOF : Wie is dit? -- David Mphuthi, die "vice". Dit is beskuldigde nr. 7. Tweedens, daar was geen reëling gemaak

dat/...

dat niemand laat by 'n vergadering mag kom nie, want elke persoon was geregtig om aandag te gee aan sy eie privaat dinge. As sy miskien klaar is met jou eie dinge waarmee jy besig was voor die vergadering en jy sien daar is nog tyd vir jou om by die vergadering uit te kom, dan kan jy so maak. Daar was geen goeie rede vir my om Edith te beskuldig hoekom sy dit gedoen het nie.

Nadat die resolusies op die vergadering aanvaar is, is dit nie - u het netnou van 'n gewoonte gepraat - ook die gewoonte dat die komitee agterbly en hierdie resolusies bespreek nie? -- Soos ek sê, dit is 'n gewoonte. Dit kan wees dat dit gebeur het, maar ek was nie daar nie.

HOF : Ja, maar wag nou net so 'n bietjie. Hier is belangrike besluite geneem. Onder andere dat die vervoermense nie sou werk op daardie dag nie en dat die mense ook nie sal werk op daardie dag nie. Moet die komitee dan nie bymekaar kom om te besluit hoe die mense in kennis gestel sal word van daardie besluite nie? -- Ja, dit is heeltemal reg. Dit was nodig gewees, soos u dit gestel het, maar wat by hierdie vergadering gebeur het is die volgende. Dit was nie bekend gemaak dat die komitees agter moet bly nie, want in die normale loop van dinge word daar kennisgewings gemaak aan die mense dat die komiteelede agter moet bly deur die voorsitter te vra. Op die tydstip wat ek weg is, was daar nog nie so 'n oproep gemaak nie. Om dit verder op te klaar, as ek reg onthou het beskuldigde nr. 8 in sy getuienis gesê hy en ons voorsitter van Gebied 7 het na die vergadering bymekaar gekom.

MNR. FICK : Het u op watter stadium die eerste keer weer hierdie resolusies bespreek wat op 26 Augustus 1984

aanvaar/...

aanvaar is? -- Ek was nie by toe dit weer die tweede keer bespreek was nie, behalwe dat ek 'n vergadering bygewoon het op 1 September. Dit is waar Edith haar terugvoeringsverslag gemaak het van wat hulle bespreek het en dit was aangaande die luidspreker en waar sy nou bekend gemaak het van die vergadering van die 2de. Dit wil sê die vergadering wat op die 2de gehou moet word.

Op hierdie vergadering op 1 September, waar was dit gehou? -- By Edith.

Wie was almal daar? -- Sefako, as ek reg onthou, ekself, David Mphuti beskuldigde nr. 7, Matlole beskuldigde nr. 17 en Edith. Dit is as ek reg onthou was ons soveel gewees.

Wat het Edith aan u kom vertel? Wat se terugvoering het sy presies aan u gegee? -- Die terugvoering waarvan ek praat is die verslag wat Edith aan ons gemaak het daar op die 1ste dat na die vergadering, dit wil sê waar Gebied 3 se komitee gekies was, het hulle bymekaar gekom en 'n besluit geneem dat daar nog 'n vergadering gehou moet word op die 2de. By hierdie vergadering het ons toe daarvan gepraat dat wat maak ons nou om die gemeenskap te laat weet van die besluite. Na aanleiding waarvan ons toe van die luidspreker gepraat het. Dat ons op die 2de 'n luidspreker gaan gebruik en rondry. Dit is waar besluit was dat ek en Matlole daarmee sal moet besig wees.

Toe Edith aan u gerapporteer het dat hulle bymekaar gekom het, het sy gesê wie is die hulle wat bymekaar gekom het en besluit het oor die vergadering van 2 September? -- Al wat sy gesê het is dat hulle bymekaar gekom het na die vergadering uiteen is. Sy het nie gesê wie almal bymekaar

gekom/...

gekom het nie.

U het ook nie belang gestel om te weet nie? -- Dit was nie vir my belangrik gewees op daardie stadium om te weet nie, want sy het alreeds ook gesê dat hulle die volgende dag weer bymekaar gaan kom.

Is dit al wat sy vir u gesê het? Al stukkie terugvoering wat sy gegee het? -- Ja, dit is al wat sy aan ons genoem het. Eintlik daardie vergadering van ons het net die luidspreker gaan bespreek, daardie kort dingetjie. Dit is al.

Het sy niks van ander vergaderings gepraat waar ook resolusies aanvaar is soortgelyk aan julle s'n nie? -- Sy het nie.

Is daar op daardie stadium niks gepraat oor 'n memorandum wat opgestel moet word nie? -- Nee, daar was geen besprekings hoegenaamd daaromtrent nie, want ek het alreeds gesê ek moet net antwoord op die vrae soos die Hof my gesê het. Ek het alreeds gesê daar was geen.

Behalwe om met die luidspreker nou rond te gaan, wat anders is gedoen om hierdie resolusies van die vergadering van 26 Augustus te implementeer? -- Ons het 'n luidspreker gehad en deur die luidspreker het ons gesê dat daar besluite geneem was in die eerste plek van die "stay away" en dan gaan daar 'n optog wees wat om 09h00 begin. Terwyl ons dit doen het ons opgemerk dat ons sonder brandstof gaan staan. Ons het toe geld gaan vra en terwyl ons dit gaan vra het, het mnr. Nkopane ons gevra om 'n draai te maak nog by ander plekke.

Is u antwoord dood eenvoudig behalwe die luidspreker wat julle gebruik het om die vergadering te adverteer, het julle niks gedoen waarvan u weet nie? -- Wat ek sê is die

volgende/...

volgende. Op hierdie dag toe ons die luidspreker gehad het, wat ons bekend gemaak het daar was dat dit besluit was dat daar 'n "stay away" gaan wees die Maandag van 3 September en daar gaan 'n optog wees wat gaan vertrek vanaf die Roomse Kerkperseel ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

. Ek sal dit los. Ons kom nie verder nie. Was beskuldigde nr. 6, sover u kennis strek, op enige vergadering of by enige plek waar hierdie resolusies bespreek was dat die busse mag nie opereer op 3 September nie, die taxi's mag
K568 nie opereer nie, daar gaan 'n "stay away" wees? -- Nie sover ek weet nie, behalwe die aand van die 2de, na die vergadering van 2 September het beskuldigde nr. 6 my genader om my te kom sê van die besluite wat geneem was by hierdie vergadering.

<u>HOF</u> : Watter vergadering? -- Die vergadering wat op die 2de gehou was.

Waar? -- Ek sê ek weet van geen vergadering waar beskuldigde nr. 6 teenwoordig was. Daar was 'n verwarring gewees. Beskuldigde nr. 6, sover ek weet, was hoegenaamd nie by enige vergadering wat ek van weet nie. Die persoon wat my genader het die 2de, dit is na die vergadering, was beskuldigde nr. 7, nie nr. 6 nie.

<u>MNR. FICK</u> : Het u voor die vergadering van 26 Augustus 1984 geweet wie Mandela is? -- Ek het geweet daar word gesê Mandela is in die tronk.

Het u geweet voor die 26ste Augustus dat hy 'n leier van die ANC was toe hy gevonnis was? -- Ek het niks daarvan geweet nie, selfs die ANC.

En u het ook voor 26 Augustus geweet waaroor Mandela in die tronk is? -- Ek onthou op 'n sekere dag terwyl ons

met/...

met ŉ bus gery het, dit was in die winter, het hierdie bus nie ruite gehad nie en die passasiers in die bus het toe begin praat en gesê dit is dinge wat Mandela nie van hou nie, want was dit Blankes gewees, sou hierdie bus nie eers van die depot af afgery het om passasiers te kom vervoer nie.

Moet ek aflei u weet nie waarvoor hy in die gevangenis was nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Weet u vandag nog absoluut niks van die ANC af nie? -- Ek onthou dat op ŉ sekere dag in hierdie hof was daar melding gemaak van hom dat Mandela betrokke was by iets. Dit was in hierdie hof gesê.

Weet u vandag nog nie wie en wat die ANC is nie? -- Ek sê ek hoor daarvan hier in hierdie hof, andersins weet ek glad nie daarvan nie.

Beskou u self as ŉ soldaat van Mandela? -- Ek sê ek weet niks van Mandela se dinge nie. Wat se soldaat?

U het dit gesing. Ek vra u, beskou u uself as ŉ soldaat van Mandela? -- As mense sing, is hulle dan Mandela se soldate?

Beskou u uself as ŉ soldaat van Mandela? Ja of nee? -- Ek is nie Mandela se soldaat nie.

Waarom sing u dit? -- En ek was nog nooit ŉ soldaat gewees nie.

Waarom sing u dit? -- Dit is presies hoekom ek gevra het, as ŉ mens sing is hy dan ŉ soldaat van Mandela? Ek wou gehad het dat u vir my moet sê. AS ŉ mens sing, dan is hy ŉ soldaat van Mandela?

Dan vra ek u weer, waarom, as u nie ŉ soldaat van Mandela is nie, sing u u is ŉ soldaat van Mandela? -- Ek het hier verduidelik dat hierdie lied was gesing as ŉ gewyde lied.

In/...

In plaas daarvan dat ons soldate is van die Here, in plaas van Here is dit vervang met Mandela. So, ek het dit aanvaar as ŉ gewyde lied. Ek weet natuurlik nie hoe die persoon wat dit begin het, dit gedoen het en hoekom hy besluit het om daardie woord met hierdie een te vervang nie.

U vertel blatante leuens nou vir die Hof. U kon nooit gedink het hierdie is ŉ gewyde lied nie, want u het geweet, u het klaar vir die Hof gesê u het geweet Mandela was in die tronk? -- Daar is so baie tronke vol mense. Selfs ek, ek kom van die tronk af. Ek is daar in hegtenis. Beteken dit dan dat ek moet weet almal wat by die tronk is wat maak hulle?

Ek stel dit aan u u het baie goed geweet u is glad nie besig met ŉ gewyde lied nie, want julle het die woorde verander, want julle het ŉ mens daar ingesit en Mandela wat in die tronk is? -- Ek sê dit is nie iets nuuts dat ŉ persoon se naam gebruik word in ŉ lied nie. ŉ Man kan van sy kind se naam sing en ŉ persoon kan van enige ander persoon se naam sing. Dit beteken nie dat daardie persoon iets te doene het met iets anders nie.

Wat was die bewoording van die res van die lied wat verander is? -- Solala ematuleni, iets van daardie aard.

Wat beteken dit wat u nou gesê het? -- Ek weet nie. Ek weet net dit word so gesing.

Wat se taal is dit wat u die lied in gesing het?-- Daar word beide tale Zoeloe en Sotho gebruik in hierdie gewyde lied.

Wat is die Sothowoorde wat gebruik is?

HOF : Is dit nou om die beurt? Een vers in Zoeloe en een vers in Sotho of hoe bedoel u? -- (Getuie sing) In hierdie

wat/...

wat ek nou net gesing het, is Sotho, waar die persoon sing en sê ons is soldate van die Here. Dit is in Sotho. (Getuie sing) Dit is nou Zulu. Amagugwa, amagugwa, Matulele. Dit is nou die gedeelte wat in Zoeloe gesing is. Dit is wat ek sê, dit is hoe hierdie gewyde lied gesing word.

Hoe word hy nou gesing as hy verander is? Wat is die nuwe woorde van die ding? Behalwe hierdie Singamasosha ka-Mandela? -- (Getuie sing) Dit is hoe 'n mens dit sing. (Tolk herhaal woorde van lied)

Weet jy wat dit beteken? -- Dit word in Zoeloe gesing en as my geheue my nie in die steek laat nie, Seolala in Sotho beteken gorobala wat dan beteken slaap.

U het ook gemeld dat op hierdie vergadering van 26 Augustus was Sefako Mokoena ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is ons nou nou by die vergadering van 1 September nie?

MNR. FICK : Dit het uitgekom terwyl ek besig was met die vergadering van die 26ste. Ek wil net hierdie afhandel. Ek is byna klaar met daardie vergadering. Sefako Mokoena was hy ook by die vergadering van die 26ste? -- Ja, hy was.

Het hy alleen daar aangekom? -- Ek weet nie met wie het hy daar aangekom nie.

Het hy betyds opgedaag of was hy laat? -- Ek weet nie. Ek het hom net daar in die vergadering gesien. Ek weet nie wat hy gedoen het nie.

Waar in die vergadering het u hom gesien? -- Tussen die gehoor daar. Eintlik kan ek nie presies sê of hy by die gehoor of by watter plek gaan sit het nie, maar al wat ek kan sê is hy was by die vergadering.

Op watter stadium het u hom by die vergadering gesien? -- Ek kan nie onthou nie.

Kom/...

Kom ons gaan dan na die volgende vergadering toe. Ken u vir mnre. Oliphant en Maruping? -- Ja, ek het vir Oliphant leer ken hier in die hof toe hy na die hof toe gekom het. Ek ken nie vir Maruping nie.

Verstaan ek u, u het Oliphant vir die eerste keer gesien terwyl hierdie hofsaak aan die gang is? -- Ja, u is reg.

Tot 2 September 1984 toe beskuldigde nr. 7 by u gekom het, het u niks geweet van ʼn papier of ʼn memorandum wat opgestel is of opgestel gaan word nie? -- Nee, ek het niks geweet nie.

U het in u hoofgetuienis gesê beskuldigde nr. 7 het by u gekom en hy het vir u gesê daar is ʼn besluit geneem, u sal met ʼn papier moet gaan na die Administrasieraadskantore. Is dit al wat hy gesê het? -- Ja, dit is wat hy gesê het. Eintlik het hy dit op die volgende manier gesê dat ek gekies was as een van die mense wat dit gaan oordra aan die Administrasieraad. Dit is die dokument en tweedens dat daar besluite was dat al die komiteelede daar sal optree as "marshalls". Hy het toe verder vir my gesê daar is ʼn versoek dat ons vroeg die oggend daar moet wees.

Was dit die hele gesprek? -- Ja, dit is so.

Het u beskuldigde nr. 7 enigsins uitgevra oor wat hy vir u kom sê het? -- Dit kan wees dat ons miskien daar ʼn kort gesprekkie uitgevoer het, maar wat van belang is, wat hy vir my gesê het is dit wat ek nou noem.

Sê u nou dit is moontlik u kon hom uitgevra het oor wat hy u meegedeel of wat probeer u nou sê as u sê daar was ʼn kort gesprekkie gewees? -- Wat ek sê is dat dit kan wees dat ons miskien daar ʼn ander gesprek uitgevoer het na hy dit vir my gesê het wat miskien betrekking het op dit

wat/...

wat hy vir my kom sê het of oor iets anders. Ek kan nie meer onthou nie.

Maar het u nie vir beskuldigde nr. 7 gesê "Kyk, sê 'n bietjie vir my wat se papier praat jy nou van? Dit is die eerste keer wat ek hoor van die ding" nie? -- Ek sê beskuldigde nr. 7 kom sê vir my hier "Kyk, jy is een van die mense wat gekies is om die papier te gaan oorhandig met die mense se griewe daarin." Dit is duidelik wat se papier hy van praat.

Maar u vra nie vir hom waar is die papier nie? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

U sê nie vir hom maar u wil eers sien wat staan in die ding of iemand moet vir u vertel wat staan in die ding voor u hom gaan oorhandig nie? -- Dit was hoegenaamd nie nodig vir my op daardie stadium nie. Het ek miskien iets gehad wat ek gevoel het ek moet sien, sou ek dit die volgende dag gevra het, maar omdat daar geen rede was vir my om daaroor bekommerd te wees nie, het ek dit nie nodig geag nie.

U het hom ook nie gevra maar wie het die ding opgestel nie? -- Hoekom moet ek hom vra wie dit opgestel het, want ek sê dit is besluite wat daar geneem was.

Maar hoe het u geweet dit was besluite gewees? U het vir die Hof klaar gesê toe Mphuthi by u kom die eerste keer oor 'n memorandum, toe is dit die eerste keer wat u in u lewe hoor van die ding? -- As gevolg van my eie ondervinding van wat daar gebeur het, oor huise wat gesluit word en ander dinge wat gebeur het met die gemeenskap, het ek dit nie nodig geag om nog te vra wat daar geskryf is op die papier nie, want ek weet wat is die mense se probleme, net soos ek self probleme gehad het.

Net 'n laaste vraag. U het nie vir Mphuthi gevra "Maar moet ek, die assistent-tesourier van Gebied 7 die ding gaan gee, terwyl daar 'n voorsitter is en 'n vise-voorsitter, baie belangriker mense as ek" nie? -- Hulle het net daar mense gekies om dit te doen. Die mense wat die kieswerk gedoen het het besluit as 'n persoon gekies is om iets te doen, dan is hy gekies. As hy nie gekies is nie, dan is hy nie gekies nie. Daar hoef nie 'n spesiale rede te wees nie.

HOF : Sou Edith deel wees van die optog? -- Ja, soos ek sê in my getuienis, al die lede van die komitees was veronderstel om teenwoordig te wees.

Was sy inderdaad by die optog? -- Ek het haar nie gesien nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ek wil aan u stel dat die rede waarom u niks gevra het oor die papiere nie, wie hom opgestel het, hoekom u dit moet gaan gee nie, is dood eenvoudig omdat daar nooit so 'n gesprek was nie. Daar was nooit so 'n papier nie? -- Ek sê ek was nie by die vergadering van 2 September nie. Wat ek daarvan kan sê is wat ek gehoor het toe beskuldigde nr. 7 my kom sê het wat daar besluit was.

Ek wil met u oorgaan na 'n ander aspek, die mars van 3 September 1984. Voor hierdie mars begin het op 3 September 1984 het u op geen stadium van enige aard uit enige oord gehoor dat daar reeds sporadiese geweldpleging in die Swartwoongebiede was nie? -- Sporadies, waar? Hoe begin dit?

Klipgooiery?

HOF/...

HOF : Net ŉ oomblik. Bedoel u met Swartgebiede, daar waar hy bly of bedoel u baie wyer as dit?

MNR. FICK : Die Swartgebiede in die Vaal Driehoek. -- Ek het nie gesien dat dit plaasgevind het daar nie.

Gehoor? -- Wat ek van gehoor het was dat daar wel onluste was in die jaar 1976. Dit het gegaan oor die skole.

Nee, ek praat van Augustusmaand, net die vorige maand? -- Ek het niks gehoor nie.

En ook niks gehoor wat gebeur het die nag van 2/3 September nie? -- Ja, soos ek alreeds gesê het, in die omgewing waar ek woon het daar niks gebeur nie.

Weet u watter gebiede se mense moes almal by die Rooms Katolieke Kerk Small Farms bymekaar kom vir die mars? -- Dit was nie duidelik of spesifiek gestel watter mense daar bymekaar sal kom om deel te neem aan die optog nie. Al wat gesê was in die algemeen was die mense sal daar bymekaar kom.

HOF : Kyk, ek begryp nou nie mooi nie. Die optog sou begin by Small Farms se Rooms Katolieke Kerk? -- Ja.

Die indruk wat ek van u kry is dat as ŉ mens van Gebied 11 en 12 na die Rooms Katolieke Kerk sou moes gaan, dit eintlik te ver sou wees om te stap? -- Ja, dit is definitief ver.

Dus, was die bedoeling dan dat net die mense wat daar om daardie kerk heen bly aan die optog sou deelneem en indien wel, wat sou dan van die ander gebiede word? -- Dit was besluit dat die optog daar gaan begin. Dit was nie eintlik breedvoerig bespreek nie, maar my verstaan van die hele ding is die volgende. ŉ Persoon wat in Gebied 3 woon, indien daardie persoon in staat was om die optog te vergesel en daarby aan te sluit waar dit begin by die Roomse Kerk, dan is

die persoon uit Gebied 12 ook in staat om dit te doen want die distansie is omtrent dieselfde. Alhoewel dit nie spesifiek so genoem was nie dat sekere mense daar moet by wees. Dit was net in die algemeen gesê dat mense daar bymekaar sal kom vir die optog.

MNR. FICK : Toe u so 08h15 die oggend by die kerk aankom, was daar al baie mense? -- Daar was al mense daar teenwoordig. Ek weet net nie hoeveel kan ek sê in getal dit was nie, maar daar was heelwat mense.

U kry toe vir Esau daar toe u aankom by die kerk? -- Ja, u is reg.

Saam met watter beskuldigdes was Esau? -- Die volgende persone was saam met Esau gewees daar, Nkopane, Hlanyane en Matlole.

HOF : Dit is beskuldigdes nrs. 8, 17 en 15.

MNR. FICK : Wat was hulle besig om te doen toe u daar kom? -- Hulle was besig om op die kartondose te skryf, dit wil sê hulle het te doene gehad met die maak van die plakkate.

U sê hulle was besig om op kartondose te skryf. Wie het werklik geskryf? -- Mense wat ek gesien het skryf daar was mnre. Nkopane en Hlanyane.

Nrs. 8 en 15? -- Ja, dit is so.

En nr. 17, wat het hy gedoen? -- Nee, ek kan nie onthou wat hy daar besig was om te doen nie, want ek het nie lank by hulle daar vertoef nie.

En Esau? -- Na ek met Esau gepraat het, het ek teruggekeer na die hek toe.

Wat was Esau besig om te doen toe u daar aankom? -- Hulle was almal daar bymekaar waar hierdie werk gedoen was. So, ek het aanvaar dat hulle almal daar besig was met hierdie

werk/...

werk, maar ek kan nie spesifiek wat hy presies besig was om te doen nie.

Waar was hulle bymekaar toe hierdie werk gedoen is waarvan u nou praat? -- Op die erf van die kerk net voor die deur van die saal agter 'n ander huisie wat met die agterkant daarvan staan na die ingang van die saal.

Was dit op die vierkant? -- Ek weet nie of ek dit 'n vierkant moet noem nie, maar dit is die volgende prosedure daar. Die strukture staan so. Hier, die einde van die getuiebank waar ek staan is die agterkant van 'n ander struktuur van 'n huis wat daar staan met die agterkant van die huis in die rigting van die ingang van die saal en as die saal se deur nou by die Staatsadvokaat is, dit wil sê dit is hierdie opening tussen die einde van hierdie bank en die begin van die Staatsadvokaat se tafel. Dit is nou die opening. Tussen die twee strukture is waar hulle besig was om hierdie te maak.

Daar waar hulle besig was om die plakkate te maak, die opening na daardie plek toe, kon 'n kar daar ry? -- Ja, 'n kar kan daar deur ry.

U is toe terug na die hek toe, sê u? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê ek het eers met Esau gepraat wat my gesê het ek moet die man by die hek gaan help om die mense te laat inkom op die erf. Dit is hoekom ek teruggegaan het na die erf toe.

En daar by die hek - voor u by die hek gekom het, het u met Esau gepraat oor hierdie memorandum wat u veronderstel is om te gaan oorhandig daar by Houtkop? Het u vir hom gevra waar is die ding? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Hoekom nie? -- Dit het nie by my opgekom dat ek so

vir/...

vir hom moet vra nie.

Maar die rede waaroor u by hierdie mars is, is, soos ek u verstaan, onder andere 'n vername resolusie dat u moet goed gaan oorhandig by die Administrasieraad, dokumente? -- Volgens wat ek daar gehoor het, was ek een van die mense wat gekies was om saam te wees met die mense wat dit gaan oorhandig.

En dit het nooit by u opgekom die hele dag van die 3de om iemand te vra daar waar is die memorandum nie? -- Ons was nie vir die hele dag bymekaar gewees nie.

Maar u het ook niemand anders van die VCA of van u eie gebiedsbestuur gevra waar is die memorandum wat julle sê ek moet gaan gee nie? -- Ja, dit is reg, ek het niemand daaromtrent gevra nie, behalwe dat ek gehoor het van die persoon wat my daarvan kom sê het.

Die rede waarom u daar na Esau toe is toe u daar aangekom het, was om te rapporteer u is nou aan diens, u het opgedaag? -- Nee, ek het na hom toe gegaan want ons het geweet dat ons daar moet wees en daar was hoegenaamd nie 'n rede vir my gewees om hom spesifiek te gaan sê dat hy moet weet ek is nou daar nie.

Toe u daar opdaag het u vir IC.8 of beskuldigde nr.2 of 'n persoon met die naam van Dube Mokgobo en Kenny Sekeneka? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

<u>HOF</u> : Het u hulle almal geken? -- Ek het hulle nie geken nie, behalwe IC.8 wie ek geken het as ons voorsitter van 'n vergadering.

<u>MNR. FICK</u> : Voordat u na daardie hek toe is of selfs daarna, het u gesien hoeveel plakkate is daar gemaak? -- Ek het alreeds gesê ek weet nie hoeveel plakkate daar gemaak was nie, maar ek skat tussen vyftien en twintig.

Het/...

Het u die bewoording van die goed gesien? -- Ja, ek het al vir die Hof gesê ek het een gesien waarop geskryf gestaan het "Arina Tjelete. Ek sê nie dat dit die enigste plakkaat was nie. Daar was wel ander plakkate gewees.

Het u nie die ander bewoording gesien nie, net die een? -- Dit is die enigste een wat ek gesien het wat in Sothotaal geskryf was wat ek kon lees. Daar was van hulle wat miskien in 'n Blanketaal geskryf was.

Ek wil aan u stel u weergawe dat beskuldigdes nrs. 8 en 15 die plakkate geskryf het is totaal vals? -- Ek het hulle gesien skryf. Dit is my getuienis en beskuldigde nr. 8 het ook in sy getuienis in hierdie hof gesê dat hy een van die persone is wat die skryfwerk gedoen het.

Het u aanvanklik so 'n opdrag gegee vir u advokate dat beskuldigde nr. 8 en beskuldigde nr. 15 die plakkate geskryf het op 3 September by die kerk? -- Ek onthou dat ek die verhaal vertel het aan die verdediging wat gebeur het toe ek daar kom en verder hoe dit voortgegaan het. Ek kan net nie onthou of hulle my hierdie spesifieke vraag gevra het nie.

Want ek sal aan jou stel, u weergawe is nie aan die getuie Mahlatsi gestel nie? Aan Mahlatsi is gesê in volume 41 op bladsy 1 962 dat volwassenes en jeug was besig om plakkate te maak? -- Ek praat van wat ek daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Is mnr. Jacobs nie hier aan die woord op 1 962 nie? Die laaste keer toe mnr. Bizos gepraat het was toe hy beswaar gemaak het oor 'n leidende vraag. Dit is op bladsy 1 961.

MR BIZOS : May I say, My Lord, if it is going to save time, IC.8 in fact gave a substantially similar version to what

accused/...

accused no. 8 said and what this witness said in relation to the making of the placards and may be somewhere I did take a shorthand - a shortcut in relation to it.

MNR. FICK : Ek sal My Geleerde Vriend vra om dit op te soek, dan kan ons dit regstel met u, maar ek wil aan u stel ook aan IC.8 is daar in volume 21 op bladsy 2 084 tot 5 - ek dink hierdie verwysings is nie reg hier nie. Ek sal dit eers reg maak.

HOF : Dit is nie in volume 21 nie. U kan later daarop terugkom. Gaan aan met ʼn ander onderwerp.

MNR. FICK : Toe u daar by die hek was, wat het u gedoen? -- Ons het net daar by die hek gestaan en kyk na die mense wat buite die hek gestaan het. Dan het ons die mense versoek om nie daar te staan nie, hulle moet in die perseel ingaan.

En toe u daarso besig was om hierdie werk te doen, het u ook die getuie eerwaarde Mahlatsi daar gekry? -- Ja, ek het hom daar gesien, maar destyds toe ek hom sien het ek nie geweet wie hy is nie. Ek het hom later leer ken.

Het u hom gekry toe u daar gekom het by die hek? Toe was Mahlatsi reeds daar? -- Toe ek vir die eerste keer daar opgedaag het, was hulle by die hek gewees.

En hy het daar by die hek gebly saam met u tot die opmars vertrek het, behalwe nou die klein rukkie wat u geluister het wat Esau sê? -- Ja, toe die mense bymekaar gekom het daar het ek toe ook daar met hom beweeg.

U sien, die getuie Mahlatsi het getuig dat hy daar by die saal se deur gaan staan het en hy kon hoor wat binnekant aangaan en hy het vir Esau gesien in die saal? -- Hy het getuig van wat hy beweer hy gesien het. Ek kan nie sê nie, maar wat ek wel vir die Hof kan sê is dat toe ek na die

klomp mense gegaan het daar wat nou saamgedrom het daar buite, het ek hom agtergelaat by die hek. Op watter stadium hy beweer hy deurgegaan het tot by die deur, weet ek nie.

Ja, maar toe u hom gelaat het, toe was - gelaat het by die hek, was Esau al klaar buite gewees waar hy gestaan en praat het? -- Ek sê so, ja.

Nou u weet, het u hierdie weergawe dat u vir Mahlatsi daar by die hek gekry het en saam met hom daar gewerk het en die mense ingebring het en gewys het hoe om in die erf in te kom, gestel aan u advokate? -- Ja.

Want ek kon nêrens kry ooit dat Mahlatsi gesê is hy vertel leuens, hy was besig by die hek om mense te bring - te wys hoe om in die saal in te kom nie of om by die erf in te kom nie, hy was nooit by die saal se deur nie? -- Ek was saam met hom by die hek. Ek het hom daar agtergelaat en hoekom dit nie so aan hom gestel was na ek dit vir my advokate gesê het nie, kan ek nie sê nie, want ek is nie 'n regsman nie. Hulle sal weet hoekom hulle dit nie so gestel het nie.

HOF : Die hek van die perseel, hoe ver is dit van die deur van die saal af? -- (Getuie dui distansie aan)

Dit sal dan wees omtrent so 20 meter. -- Ek weet nie.

MNR. FICK : Ek wil terugkom na die aspek van wie die plakkate gemaak het. Dan wil ek vir u sê in volume 43 op bladsy 2 086 bo-aan word daar gestel aan Mahlatsi "Yes, and that the placards were being made by various people, both adults and youths in the court-yard there, the parking place." -- Is dit die stelling wat deur die advokaat gemaak is aan hom?

Dit is korrek? -- Dit kan wees dat die verdedigingsadvokaat dit so gestel het omdat hy instruksies gekry het van

mense/...

mense wat tot dusver geweet het. U sal verstaan ek het gesê ek het daar gekom terwyl hulle besig was. Op 'n stadium is ek weg. In my afwesigheid sal ek nie kan sê of daar nog ander mense bygekom het wat hulle gehelp het en indien wel, van watter ouderdomme daardie persone is nie.

Het u vir u advokaat gesê dat toe u daar gekom het het u gesien beskuldigdes nrs. 8 en 15 skryf plakkate? -- Ek sê so.

Ek wil net een ding nog duidelik kry. Het u enige van die ander beskuldigdes hier voor die Hof ook gekry by die hek wat dieselfde werk as u en eerwaarde Mahlatsi gedoen het? -- Nee, niemand nie.

Nou sal ek vir u sê, IC.8 het getuig en hy het gesê beskuldigdes nrs. 8 en 15 was nie buite die saal nie, hulle was binne-in die saal op die verhoog waar Esau sy toespraak gemaak het die oggend van die 3de. Toe is aan hom gestel dat beskuldigdes nrs. 8 en 15 was besig met "marshalling" buitekant? Bladsy 1 016 tot 7 volume 21. -- Bedoel u dit word beweer dat hulle, beskuldigdes nrs. 8 en 15, alreeds besig was met die mense van die optog daar buite om hulle in die optog te kry, terwyl die ander man nou sy toespraak gemaak het binnekant?

Esau? -- Ek weet nie of dit 'n antwoord gaan wees op die stelling nie. Wat ek sê is die volgende. Ek was by die hek gewees en ek het teruggekeer in die perseel in waar die mense saamgedrom het op die perseel waar Esau besig was om te praat. Na hy sy toespraak voltooi het daar, het mnr. Nkopane gepraat. Na Nkopane het mnr. Matlole gepraat. Eers daarna was dit bespreek wie die leiers gaan wees van die optog.

Nee/...

Nee, die vraag was dood eenvoudig, dat vir IC.8 word gesê dat beskuldigdes nrs. 8 en 15 was buitekant besig om die mense te sê hoe hulle die erf moet inkom, dieselfde werk wat u gedoen het. Hulle was nooit op die verhoog nie? -- Bedoel u dat hulle die mense gewys het hoe om in die perseel in te kom?

Dieselfde werk as wat u gedoen het?

HOF : Nee, die stelling was dat hulle besig was om te "marshalling to form up into the march."

MR BIZOS : And the answer is significant as to how the witness understood the putting on top of page 1 017.

MNR. FICK : Aan IC.8 volume 21 op bladsy 1 009 vind ons 'n ander stelling. Daar word aan hom gestel dat mense was besig om plakkate te maak, maar geen beskuldigdes word genoem nie? -- Ek weet nie of die persoon wat die instruksies gegee het nou die instruksies gegee het as gevolg van wat ek gesê het het daar plaasgevind nie. Of hy dit gegee het as gevolg van wat iemand anders gesê het nie, maar wat ek vir die Hof hier sê is die volgende. Ek praat van wat daar gebeur het toe ek daar gekom het. Ek is deur die hek na binne toe en terug na die hek toe. Met ander woorde, dit beteken ek weet nie of Nkopane vroeër ook by die hek was dat die persoon wat die instruksies gegee het bedoel het dat hy vroeër ook by die hek was voor ek daar gekom het al dan nie. Dit sal ek bnie kan sê nie.

Dan wil ek nog 'n ander weergawe aan u stel, ook van die verdediging se kant. Beskuldigde nr. 8, volume 177 op bladsy 9 113 tot 5 sê dat beskuldigde nr. 8, dit is hyself, en beskuldigde nr. 15 het plakkate geskryf en twee ander het hulle gehelp en die plakkate geskeur vir hulle? -- Dit

stem/...

stem reeds met my. My getuienis is beskuldigdes nrs. 8 en 15 was besig om plakkate te skryf. Esau was by en beskuldigde nr. 17, Matlole. Met ander woorde, dit beteken dus dat hulle almal daar betrokke was met die plakkate. Wat elkeen van hulle presies gedoen het by die plakkate, is wat ek nie vir die Hof kan sê nie.

Was al die plakkate reeds klaar gemaak in die vorm wat hulle mee geloop sou gewees het of was daar nog heel kartondose toe u daar opdaag? -- Al wat ek sê is, daar was plakkate geskryf. Of daar nog kartondose was wat nog heel was en of almal opgeskeur was, sal ek nie kan sê nie.

ŉ Ander punt wat ek aan u wil maak is, beskuldigde nr. 8 sê dit was nie in die vierkant wat hierdie skrywery plaasgevind het nie? -- Wat sê u, waar was hulle geskryf?

HOF : Laat ons nou eers duidelikheid kry. Weet u wat is die vierkant of "court-yard"? -- As ek reg verstaan is dit die opening wat daar is tussen die geboue van die kerk. Ek noem dit ŉ kraal.

Was die plakkate gemaak in die kraal of buite die kraal? -- Ek sê op ŉ punt binne-in die kraal. Dit is waar die plakkate gemaak is.

MNR. FICK : Nou is die stelling, om u eie woord te gebruik, dat beskuldigde nr. 8 sê dit is buite die kraal gemaak? -- Dan beteken dit ons verstaan die vraag nie dieselfde nie. Soos ek nou aandui, binne-in daardie kring wat ek gemaak het met my vingers, is die kraal en as ŉ mens binne-in daardie kring werk, dan sê ek die persoon het binne-in daardie kraal gewerk van die kring wat ek nou met my vingers aandui. So, ek weet nie hoe hy dit verstaan nie. As ŉ mens praat van buite die kraal, dit wil sê buite die grens van die kraal

wat/...

wat ek nou aandui met my vingers, sou dit daar plaasgevind het en dit is nie wat ek sê nie.

Ons sal dit verder argumenteer. Nou kom ons by die punt toe die mense opgestel is. Hoe sê u het dit gebeur dat u voor in die optog beland het?

HOF : Bedoel u het hy met ŉ fiets gery of gevlieg?

MNR. FICK : Nee, hoe het dit gekom dat u daar voor uitgekom het? Wie het gesê u moet daar gaan staan? Het u self daar gaan staan? -- Ek het al vroeër gesê na alles bespreek was net voor die optog begin het, het Esau gevra wie voel dat hy of sy heel voor by hierdie optog sal gaan loop. Ek het op my eie gesê ek sal in staat wees om dit te doen.

Het Esau hierdie uitnodiging gerig aan almal wat daar was? -- Ja, ek het verstaan dat die uitnodiging gerig is aan enigeen van die komiteelede wat dan deel sou neem as "marshalls" daar.

Nee, wag net so ŉ bietjie. Die uitnodiging van Esau aan die mense om voor te loop, ek praat nie van die plakkaatdraers nie, dié wat nou uiteindelik daar geloop het, dit was u en Mahlatsi en Mthombeni, was daardie uitnodiging gerig deur Esau aan almal op daardie plek of net aan die komiteelede wat by daardie samekoms was? -- Dit was besluit by die vergadering van die 2de dat al die komiteelede daar sal optree as "marshalls". Ek het dus verstaan toe Esau daardie uitnodiging gerig het dat dit eintlik betrekking het op die komiteelede, omdat hulle die "marshalls" was, dat hulle nou moet besluit op hulle eie wie van hulle voel hulle die leiers van die optog sal wees.

Watter gebiede se komiteelede was daar by hierdie mars? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het net die lede van ons

komitee/...

komitee geken en nie van die ander gebiede nie. Alhoewel ek geweet het van die bestaan van komiteelede van die komitee van Gebied 3 wat alreeds gestig was.

HOF : Maar dan weet u mos nie of die uitnodiging gerig was aan komiteelede dan wel aan almal in die algemeen nie? -- Na aanleiding van die inligting wat ek alreeds gehad het oor die vergadering wat op die 2de gehou was en wat die besluite daar was aangaande die komitees, wat hulle pligte sal wees op hierdie optog, het ek aanvaar dat daar verskillende komitees was op wie dit besluit was dat hulle ŉ sekere plig sal moet uitvoer in die optog. Met dit het ek dus verstaan dat die uitnodiging gerig word aan die komitees wat verteenwoordig is wat ek nie van bewus was nie. Dus het ek aangeneem dat hulle weet waarvan Esau praat as hy die uitnodiging maak.

MNR. FICK : Het Esau gesê hoeveel vrywilliges hy soek om daar voor te loop? -- Esau se woorde was "Mense, sê julle nou vir my, wie voel om die optog voor te lei?" Ek is die persoon wat op sy eie beweging gesê het dat ek in staat gaan wees om dit te doen. Daarna was daar ook die ander wat op hulle eie gesê het dat hulle dit sal kan doen.

Moet ek dan aanvaar daar was drie omdat daar net drie na vore gekom het? -- Ja, u kan dit so aanvaar. Ek sal vir u sê hoekom ek so sê. Hier is ŉ uitnodiging, daar is drie mense wat nou ingewillig het om dit te doen en die gevoel miskien tussen die mense is dat daar is nou genoeg mense wat ingewillig het, so ons kan nie almal na dieselfde punt wil gaan beweeg nie. Daar is nog ander gedeeltes van hierdie optog wat mense nodig het. Met die gevolg dit was oorgelaat aan ons, die drie, om as leiers daar op te tree.

HOF : U weet, u word ŉ eenvoudige vraag gevra. Die

eenvoudige/...

eenvoudige vraag is net het drie persone - net die drie persone aangebied? Die antwoord daarop is ja. U word nie gevra om hulle motivering te gee nie. -- Dankie.

MNR. FICK : Ek wil aan u lees wat staan op - wat gestel in volume 43 op bladsy 2 090 aan Mahlatsi reël 21. Daar staan die volgende "Would it be correct to say that Modise Mthombeni, accused no. 9, that is Tebello Ephraim Ramakgula and you were put at the head of the march behind the young placard carriers? - I was not put there, I took that position at my own and while being there I did not notice accused no. 9." En nou, die belangrikste is "You see, was it not sort of understood that there would have to be a zone 3 and a zone 7 person leading the march?" Stem u nie saam dat dit wat ek nou vir u gelees het is anders as wat u getuig nie? -- Mahlatsi self daar hy was nie daar geplaas nie, hy het op sy eie beweging soontoe gegaan. Dit is reg. Ek weet nou nie of Mahlatsi my so goed geken het op die naam wat aan hom gestel is nie, dat hy so geantwoord het. Dalk het hy my nie so goed geken dat hy my op daardie name geken het nie, dat hy nou ŉ verwarring gemaak het van my, maar wat my betref, ek was daar gewees, hy stem saam met my, dat ons op ons eie beweging vorentoe was.

Maar nou vra ek jou waar kom mnr. Bizos aan die stelling dat daar ŉ verstandhouding was dat eerstens julle daar geplaas is omdat Gebied 3 en Gebied 7 ŉ leier daar moet hê? Wie het vir mnr. Bizos daardie inligting gegee? -- As dit miskien bespreek was by hierdie vergadering van die 2de waar ek nie teenwoordig was nie, sal ek nie daarvan weet nie, soos wat ek nou nie weet daarvan nie. Maar ek het alreeds vir die Hof gesê van wat gebeur het daar tydens die optog

waar/...

waar ek by was.

Ek stel aan u u getuienis dat u daar voor was, is vals? -- Dan is u stelling baie ver van die waarheid af, want ek weet ek was self daar voor, heel voor.

Die hele tyd wat u by die hek was totdat die mars nou begin vertrek het van die kerk af, het u op enige stadium gesien daar kom ŉ inspekteur met ŉ voertuig aan van die Administrasieraad ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : I am sorry to interrupt My Learned Friend's question, but could I ask Your Lordship on page 2 090 once he has moved out of it, I would submit that the grammar clearly indicates that the question was - line 30 "Was it just arbitrary that you were asked to be towards the front to lead the march according to our version?" I would submit with respect that if I did speak grammatic English at the time it would be "your version".

COURT : Well, let us put a question mark on top of the "our". It can be "your" or "our".

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Mnr. Ramakgula, die opmars wat nou vertrek hier van die kerk af, u sê uself, mnr. Mthombeni en eerwaarde Mahlatsi is heel voor? -- Dit is wat ek sê.

Wat was die breedte van die opmars? U weet, die getuienis is die mense het die straat vol geloop en daar was mense aan die kante wat gekeer het dat hulle nie buitekant die straat loop nie, nè? --As ek reg verstaan, as u praat van die mense wat die straat vol geloop het, ek verstaan dit beteken dat net die straatgedeelte, nie die skouer van die pad nie, is die gedeelte wat vol gedek was deur die mense wat daar beweeg. Dit is waarvan ek praat.

Maar nou, hoe breed die kolon dan in terme van persone

wat/...

wat langs mekaar loop? -- Dit was van die een kant die straat na die ander kant toe. Dit wil sê op die einde van die straat tot by die anderkantste punt van die straatgedeelte.

Maar dan lyk dit tog asof dit nie net drie mense is wat langs mekaar loop nie. Dit lyk of daar 'n hele klompie mense in die straat kan loop langs mekaar? -- Dit is reg.

Plakkaatdraers en uself en mnr. Mahlatsi en mnr. Mthombeni,
K569 is u almal in dieselfde ry voor? -- Wat daar gebeur het was die volgende. Heel voor was die plakkaatdraers. Tussen die plakkaatdraers en die optogmense in die middel van die pad is Mahlatsi, wat dan die stap van die optog moet beheer dat hulle nie te vinnig beweeg om met die plakkaatdraers te meng nie. Met die gevolg is, hy is enkellopend tussen die groep mense wat die plakkate dra en die optog wat onmiddellik agter hom is. Ek en Mthombeni, beide van ons, aan een kant, is in lyn met Mahlatsi. Terselfdertyd as toesighouers van die beweging van die optog is nog die gedeelte van die leiers wat beheer het oor die beweging, dit wil sê die vinnige beweging of stadige beweging van die optog.

<u>HOF</u> : So, daar was nie plakkate agter u nie? -- Dit is reg, daar was nie plakkate agter my nie, maar ek was in die nabyheid van die plakkate.

Dit vra ek nou nie. Daar was nie plakkate agter u nie, daar was nie plakkate gelyk met u nie. Al die plakkate was voor u? -- Dit was veronderstel om so te wees, maar dit het gebeur op 'n stadium dat ons vorentoe moes beweeg om die mense wat nou voor by die optog wil aansluit en sommer die optog lei, dit wil sê voor die plakkaatdraers wees, terug te hou sodat hulle terugval om in die optog agter in te kom.

Op/...

Op so ʼn manier sou die plakkaatdraers op ʼn stadium agter my gewees het, maar as dit normaal is, dan is die plakkaathouers voor my.

Daardie episode is daar by die interseksie rond wat u van praat? -- Nee, by ander punte ook net voor ons by daardie interseksie gekom het, het dit ook gebeur, waar die mense nou by die optog aangesluit het.

Dan poog u om hulle weer agter te kry agter die plakkate in en dan val u weer voor hulle in en dan gaan u aan? -- Ja, dit is wat ek sê.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Was al die plakkate in een ry, een enkele ry voor? -- Ek sal nie sê dat hulle in een ry was nie. Al wat ek kan sê is, hulle was voor ons gewees in die optoggedeelte. Ons was ʼn entjie agter hulle gewees.

MNR. FICK : Ek wil net een stelling aan u maak oor hierdie getuienis wat u nou gee en dit is dat dit bots met u hoofgetuienis. -- Ja, verduidelik dit maar.

In u hoofgetuienis, soos ek dit verstaan het, het u gesê die plakkaatdraers het voor geloop en u en Mahlatsi en Mthombeni het in dieselfde ry voor geloop? -- Ek weet nie, miskien verstaan u nie die ding so mooi nie. Miskien in u taal is daar nie ʼn verskil nie, maar wat ek sê is die volgende. As mense heel voor loop en jy is in die onmiddellike omgewing van daardie mense wat heel voor loop en eintlik op hulle kant, is jy, wat my betref, ook heel voor by hierdie optog. As ek u nou moet verstaan dan beteken dit dat ek gesê het die mense het in een ry gestaan soos die spoorlyne se lane. Dit verstaan ek nie met mense wat heel voor loop nie.

In volume 180 bladsy 9 285 van reël 20 af. "Yes,

they/...

they took these placards." "You say you were going to lead the march. Were you in front of the placards or behind the placards? - What happened is we were in the same line. That is the row with the people holding placards right at the front. We were on the sides of that road." -- Ek sê nog dieselfde. Ek het nou net verduidelik vir die Hof dat daar ŉ mens by verskillende punte beweeg het, maar aan die kant en u sê self ek was aan die kant. Ek was aan die kant. Dit het gebeur op ŉ stadium dat ek parallel met die mense is maar op die kant omdat ek vorentoe beweeg het of agtertoe beweeg het.

HOF : Ja, wel, dit help nie om te stry oor hierdie getuienis nie. U kan betoog daaroor.

MNR. FICK : Voor hierdie mars nou vertrek het van die Rooms Katolieke Kerk af, het u op enige stadium daardie dag ŉ inspekteur van die Administrasieraad daar gesien aankom met ŉ voertuig van die Administrasieraad? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

U was by die hek op diens. U sou dit gesien het?

HOF : Was die inspekteur tot by die hek? Of het hy op ŉ ver afstand gestaan en kyk?

MNR. FICK : Nee, hy het gesê hy het afgeklim en hy nader gestap. Hy het nog met ŉ man gaan praat. -- Ek het nie daardie inspekteur gesien nie. Op watter stadium was dit gewees? Dit hang ook af.

Die inspekteur sê verder vir die Hof dat na daardie mars begin wegloop het, het hy gekyk, toe sien hy daar lê nou klippe gepak oor die pad, padversperrings? -- Nee, man, daardie inspekteur praat nie die waarheid nie. Hoe kan jy padversperrings gaan bêre by ŉ pad wat jy self moet loop?

Hoe/...

Hoe dink jy, hoe gaan jy self daar verbykom? Want as julle nou baie in ŉ optog is en hier is klippe voor jou, daardie klippe gaan julle mos pootjie, man. Julle sal nie kan loop nie. Dan praat hy nie die waarheid as hy so sê nie.

Hy sê toe u weg is, toe u weggestap het, toe is daar padversperrings. Wat sê u daarvan? -- O, na ons weg is van die toneel af was daar eers padversperrings gewees?

Net so? -- O, nee, as dit die geval is, dit het ek nie gesien nie. Ek was nie by nie.

U kan dit ook nie betwis nie? -- Ek sal nie van iets praat waarvan ek nie eers weet nie.

Verstaan ek u getuienis reg, Esau was een van die manne wat agter moes gebly het heel laaste? -- Ek het nog nooit in my getuienis so gesê nie. Ek weet nie daarvan nie.

Weet u of iemand agter moes bly om die kerk toe te sluit? -- Nee, ek weet niks daarvan af nie.

In hierdie mars, die klomp mense wat u nou daar sien, het u enige organisasies se T-hemde gesien waar die organisasies se naam op geskryf staan? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Is dit moontlik dat daar was, maar u het dit net nie gesien nie?-- Ek sê by die punt waar ek was, het ek dit nie opgemerk nie. Met die gevolg sê ek dat ek dit nie gesien het nie.

Die plakkaatdraers wat voor in hierdie optog was, wie het hulle daar opgestel en ontbied na die voorkant toe? -- Dit was al vroeër gesê dat die plakkaatdraers sal heel voor moet wees en dus daar net voor die optog weg is, het ons toe gesien dat hulle daar voor is.

U het geen aandeel gehad in die feit dat hulle

uiteindelik/...

uiteindelik voor uitgekom het nie? -- Ja, dit is reg. Dit was een van my pligte. Ek moes toesien dat alles reg loop daar. Dus die plakkaatmense moet heel voor wees.

Wie het vir hulle geroep en gesê hulle moet kom voor staan? -- In my getuienis hier sê ek wat dit betref het ons dit almal gedoen. Wie nou dit die eerste begin het en vir die mense gesê het waar om te wees, weet ek nie.

Die mars, toe hy opgestel is, is hy daar in die perseel opgestel of het julle eers uitgegaan in die strate en die mars is opgestel in die strate? -- Ons het hulle opgestel op die perseel.

HOF : Is daar 'n motorhek op die perseel? -- ja.

Is julle deur die motorhek met die opmars? -- Ja.

MNR. FICK : Nou stap die mars en julle sing? -- Ja.

Van daar waar julle begin loop het en gesing het tot waar julle uiteindelik deur die polisie gekeer is, kan u vir die Hof sê hoe ver is dit ongeveer? -- Ek sal nie kan tel nie, ek weet nie.

Maar julle het lank gestap? -- Ja, dit was lank.

Watter liedere het julle alles gesing terwyl julle so stap? -- Daar was net een lied wat daar gesing was die hele tyd, Siyaya e Pitoli of Siyaya e Houtkop.

Julle het nie weer gesing julle is soldate van Mandela nie? -- Nie by die punt waar ek gestap het nie. So 'n lied was nie gesing nie.

Kan u vir die Hof sê is daar verskillende liede deur verskillende punte van die mars gesing? -- Dit kan wees miskien by die punte waar ek nie was nie dat hulle daar ander liedere gesing het, maar ek kan nie sê nie. Ek getuig oor die punt waar ek was dat daar geen ander lied gesing

was/...

was nie, behalwe hierdie een, wat eintlik die maklikste lied is vir 'n mens om te sing terwyl 'n persoon beweeg.

Is dit nou die Siyaya e Houtkop? -- Dit is die waarheid. Dan sit hulle Pretoria ook daar by.

Julle het dit afgewissel? -- Ja, die bewoording het gewissel Houtkop en Pretoria, Houtkop en Pretoria.

En terwyl u so stap, u kom nou nader aan die plek wat in hierdie hof geïdentifiseer is as die interseksie, wat sien u daar voor u? -- Ek het 'n klomp mense gesien.

Het hulle rondgemaal daar? -- Daar was baie mense gewees. Van hulle het aan die kante gestaan.

Kan u sê of dit van die "marshalls" was van daardie groep wat daar aan die kante gestaan het wat u gesien het of wat is die posisie? -- Ek weet nie.

Hierdie groep wat nou so aankom, het u enige plakkate of 'n plakkaat by hulle gesien? -- Die mense wat in die teenoorgestelde rigting van ons gestap het, het plakkate by hulle gehad.

Hoeveel? Kan u vir die Hof sê? 'n Klomp? -- Ek weet nie hoeveel hulle was nie, dit wil sê die aantal plakkate.

HOF : Het u enige van die persone geken in die ander groep? -- Nee, niemand was aan my bekend van daardie klomp nie.

U weet ook nie van watter gebied hulle kom nie? -- Nee, ek het net gedink dit is mense van die omgewing daar in die nabyheid van die gebiede daar.

MNR. FICK : En op daardie stadium toe u hierdie mense sien, daar in die interseksie, toe was u nog steeds voor? U en die plakkaatdraers? Daar was niemand voor julle nie? -- Dit is reg, maar nie die hele tyd nie. Voor ons by hierdie mense gekom het, was daar mense gewees wat voor aan hierdie optog

aangesluit/...

aangesluit het. Dus was ek besig gewees om die mense weg te kry van voor af om terug te val in die agterste gedeelte van hierdie optog. Dit het ek gedoen tot ons om en by by die ander klomp gekom het, dié wat van voor af gekom het.

Die klomp wat nou so aangesluit het en probeer voor inkom het, was dit klein groepies wat langs die pad aangesluit het? -- Van hulle, ja.

HOF : En ander was indiwidue? -- Ja, dit was so gewees. Byvoorbeeld, dan kom 'n persoon daar en hy is alleen. Hy wil sommer voor instap, dan sê jy vir hom nee, gaan agter toe. By 'n ander punt kry jy 'n klompie mense wat heeltemal gelyktydig wil aansluit daar.

MNR. FICK : Wat is die grootste groep wat u so gekry het op een slag wat so wou voor indruk? -- Al het ek nie getel hoeveel van hulle dit gedoen het nie, was daar 'n aantal mense wat dit gedoen het.

Op verskillende stadiums? Hulle het dit nie almal gelyk gedoen nie? -- Dit het op die volgende manier gebeur. Terwyl ons nou so aangestap het, byvoorbeeld in 'n distansie, die breedte van die hofsaal, sien ons mense daar voor wat aan die kante van die pad staan. Dan val hulle sommer voor ons in en dan moet ons nou vorentoe beweeg om daardie mense te kan beheer om terug te val. Dan gaan ons by daardie geval verby en dan kom ons weer by 'n ander punt, dan gebeur dit so.

Al wat ek aan u stel, dan kan ons die ding los, dit is klein groepies op 'n slag, behalwe die indiwidue? -- Laat ek liewers vir u so skat. Tussen so of 100 of 100 plus van die klompe, die klein klompies waarvan ek praat het dit gedoen.

HOF : Ja, maar op een skoot? -- Wat ek probeer sê is dat die klompies het gewissel in getal mense wat aansluit. Dit is wat ek probeer duidelik maak. Jy kry miskien mense is minder. Party was weer meer as die ander.

Al wat die advokaat van u wil weet is, was daar ŉ honderd mense wat in een bondel hier voor, op een skoot gelyk aangesluit het? -- Soos ek nou hier probeer sê, ek verduidelik hierdie ding so. Byvoorbeeld by daardie punt wat beskryf word as ŉ interseksie, daar was baie mense gewees en daardie mense was so baie gewees, meer as ŉ honderd. Dit is wat ek probeer verduidelik.

Ja, maar dit weet ons nou. Dit is die groot groep, maar voor u by die interseksie gekom het, het daar van tyd tot tyd indiwidue en groepe mense aangesluit by die optog en probeer om voor te loop? -- Dit is reg, dit is wat gebeur het dat daar klompies voor inbeweeg het.

Daardie klompies, wat is die grootste klompie wat op een stadium probeer het om in te kom? -- Ek het die hele tyd gepraat en ŉ beskrywing gegee van die mense wat enkel of twee of drie daar ingeval het en dit het bymekaar gebring as ŉ klomp. Nou verstaan ek, u wil hê dat ek moet sê hoeveel mense wat in een klomp voor ingeval het, die grootste getal. Ek skat dit ongeveer twintig.

MNR. FICK : En die klomp wat so voor ingeval het, is deur u teruggejaag? -- Ja, ons het met hulle gepraat dat hulle agtertoe moet gaan.

So, op die stadium toe u die groot groep in die interseksie kry, was u en die plakkaatdraers nou voor? -- Ja, dit is die waarheid, alhoewel ons nou by ander mense verbygegaan het. Dit is nou mense wat aan die kante was van die pad.

HOF : Moet dit nie moeiliker maak as wat dit is nie. Die antwoord is ja. -- Ja, dit is so, maar kyk, ek moet melding maak van die mense waar ons by verby is.

Dit lyk vir my jy praat omdat dit vir jou lekker is. -- Nee, dit is nie so nie.

MNR. FICK : Ek praat nou van die interseksie self, daardie groot groep wat met die plakkate daar voor u was, was dit die enigste groep by die interseksie wat by u groep aangesluit het? -- Ja, dit is die waarheid. Van al die klompies mense wat ons raakgeloop het, was dit die grootste klomp wat ons raakgeloop het.

Nee, dit is nie die vraag nie. Die vraag is is dit die enigste groep wat by die interseksie as ŉ groep by u aangesluit het? -- Ja, ek sê so by daardie punt.

Net laastens, totdat daardie groep voor by u groep probeer aansluit het, was daar orde gewees in u mars? -- Ja, daar was niks verkeerd nie, die mars was in orde gewees, alhoewel ek kan sê dat dit ŉ bietjie stadig beweeg het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K570 TEBELLO EPHRAIM RAMAKGULA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Hierdie groep wat van voor af gekom het met die plakkate, toe hulle by u groep kom, het hulle gaan stilstaan? -- Hulle het nie stilgestaan nie. Hulle het stadig beweeg en toe hulle by ons kom, het hulle omgedraai, dit wil sê in die rigting beweeg wat ons geloop het.

Hulle het ŉ 180° draai gemaak en toe het hulle voor u gestaan en hulle was die nuwe "vanguard"? -- Nie van ŉ stilstaande posisie af nie. Hulle het aangestap gekom en sommer

omgedraai/...

omgedraai en in die rigting gekyk waar hulle oorspronklik vandaan gekom het.

HOF : Het iemand die bevel gegee dat hulle moet omdraai? -- Nee, niemand het met hulle gepraat nie.

Maar dan was hulle plakkate mos agter en die mense was voor? -- Ek sê so.

MNR. FICK : En eers toe op daardie stadium het verwarring ontstaan toe u hierdie mense laat infiltreer het in u groep? -- Op hierdie stadium toe dit gebeur het, was dit deurmekaar gewees. Dit wil sê dit was een van die probleme wat ons daar gekry het.

En u het reeds vir die Hof gesê hierdie is die enigste groep wat by u groep aangesluit het. Het u enige ander groepe gesien daar in die interseksie? -- Ek het gesê voor ons by hierdie interseksie gekom het waar hierdie klomp by ons aangesluit het, het ons by ander klompies daar verbygekom.

In die interseksie, vra ek u, behalwe die groot groep, het u in die interseksie ander groepe mense gesien? -- Ek sê daar was 'n klomp mense daar gewees in daardie onmiddellike omgewing aan beide kante van die pad, sowel as in die pad self. So, ek kan nie vir hierdie Hof sê daar was verskillende klompies mense daar nie.

Totdat hierdie groep wat voor probeer aansluit het by u groep by u groep uitgekom het, was u nog steeds heel voor? -- Dit is wat ek sê, van die begin af was ek die hele tyd aan die voorpunt van die optog, behalwe by hierdie punte waar ons ander mense teëgekom het wat voor ons ingegaan het, dit wil sê ek kon nie voor gewees het nie. Tot tyd en wyl ons die mense laat terugval het aan die agterkant van die optog, was ek nie voor nie, maar na dit bly ek altyd voor.

Die/...

Die mense wat u van praat soos u gestap het aan die linkerkant, het hulle die hele sypaadjie vol gestaan as 'n klomp toeskouers? Hulle was nie gegroepeer bymekaar nie? Hulle het die hele wêreld daar vol gestaan? -- Ek sal nie kan sê dat dit net los mense was wat daar gestaan het nie, want van hulle het in klompies by hierdie optog aangesluit. So, dit kan ek nie sê nie.

Hierdie klompies wat u nou van praat, hoe groot was die klompies wat aangesluit het? Was hulle vyftien of was hulle meer?

HOF : Dit het ons al gehad, dink ek. Die maksimum was twintig gewees.

MNR. FICK : Die klompies wat u nou van praat wat by u groep aangesluit het, is dit die klompies wat u van praat wat binne-in die interseksie was of was dit nog voordat u by die interseksie gekom het? -- Luister nou mooi. Ek gaan nou weer begin en vir u vertel wat het daar gebeur. Ek het gesê voor ons by die interseksie gekom het, dit is nou by die groot klomp mense wat daar was, was daar mense gewees op verskillende geleenthede wat in ons groep aangesluit het. My getuienis is dan toe ons by die interseksie kom, was daar baie mense gewees. Dit is nou nie klompies nie, baie mense het ons daar aangetref.

Maar net die groep voor u het aangesluit by die mars van die baie mense? -- My getuienis is dat toe ons hierdie klomp genader het, het hulle stadig beweeg. Soos ek alreeds gesê het tot hulle by ons aangesluit het, maar ons het hulle toe baas geraak toe hulle agter ingeval het by ons optog, want hulle wou heel voor gewees het. Terwyl ons dit doen, het van die omstaanders daar van die mense ook by die

optog/...

optog aangesluit.

Terwyl u nog op pad na die interseksie toe is, daar waar u geloop het, het u al die rook gesien by die huis?

HOF : Waar geloop het?

MNR. FICK : Caeser Motjeane se huis.

HOF : Waar geloop het? Hy het geloop vanaf die kerk tot by die interseksie. Waar was hy?

MNR. FICK : U was nog voor in die opmars en die opmars se voorpunt was nog nie in die interseksie nie, toe het u reeds die rook gesien aan die linkerkant? -- Dit is wat ek sê. Net voor ek by hierdie interseksie gekom het, het ek rook opgemerk aan my linkerkant, dit is in Gebied 11.

Ek wil aan u lees uit volume 22 op bladsy 1 069 van die 8ste reël af. "And would you agree that even before the vanguard of the procession reached the intersection, small groups instead of joining behind the procession became the vanguard of the procession themselves." -- Voor ons by hierdie aansluiting gekom het, was daar klompies mense wat by ons aangesluit het.

Dan op bladsy 1 070 ongeveer die 7de reël word daar weer gesê "And I am going to put to you that as the procession proceeded towards the intersection, there were, by the time the front rank of the organised procession had reached the intersection, hundreds of people in front of them." -- Ek het hier vir die Hof gesê dat as ek daardie mense nou bymekaar moet tel is hulle meer as honderd wat by ons aangesluit het. Dit is voor ons nou by daardie groot klomp mense wat ons na verwys het gekom het.

Maar u het ook vir die Hof gesê hierdie wat u getel het wat in totaal meer as 'n honderd was, was klein groepies

en/...

en hulle was reeds weer agter in die prosessie? -- Ja, kyk, as jy ŉ persoon laat agtertoe gaan, vat jy daardie persoon agtertoe omdat die persoon op daardie huidige stadium ŉ leier is van die optog.

Moenie dat ons om die punt gaan nie. Die vraag is net eenvoudig, toe julle daar die groot groep genader het by die interseksie, was daar honderde mense voor julle in die mars? -- Ek het hier gesê dat mense daar voor ingeval het en die mense het ek gereken omtrent honderde van hulle wat so voor ons ingeval het, wat ons baas geraak het om terug te kry in die optog. Toe ons by hierdie klomp gekom het wat nou die klomp mense was heel voor, het dit alreeds plaasgevind.

Dan stem u nie saam met hierdie stelling wat gemaak is aan IC.8 nie? -- Wat is die stelling?

Die stelling is dat daar was honderde mense voor julle toe julle by daardie interseksie aangekom het? -- Nou vir die derde keer sal ek verduidelik. Ek sê voor ons by daardie heelwat klomp mense gekom het, is daar mense wat voor in die optog aangesluit het. Ek onthou dat ek ŉ skatting gemaak het van vyftig of honderd mense. Ek onthou die Hof het my ook gevra "Bedoel jy die mense het sommer op een slag as honderd ingeval?" Waarop ek gesê het hierdie bietjie mense wat hier en daar ingeval het, as ek hulle nou moet tel en ŉ getal gee, sal ek sê dit is omtrent honderd mense wat vir ons daardie probleme gegee het. Toe het die Hof my gevra "Wat sê jy dan, wat is die meeste mense in ŉ klomp wat ingeval het?" Toe het ek gepraat van twintig, al het ek nie getel nie, maar twintig. Dit is die mense nou wat ek van praat wat gepoog het om die optog daar voor te lei. Dit is die mense

wat/...

wat ek van praat waarmee ons te doene gehad het om hulle by die mars te laat aansluit agter. U sal verstaan, dit gebeur altyd as ons beweeg in die rigting van die heelwat groot klomp mense waarvan ek praat. Dit is wat ek verstaan was gestel aan IC.8.

Was daar, dit is 'n simpel vraag vir die heel laaste keer ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die onderwerp is nou uitgeput. Volgende vraag?

MNR. FICK : Ek wil u net verwys na bladsy 1 074 van dieselfde volume, onder aan die bladsy. Daar sal ek vir u lees "The people in front, the new vanguard of the marches, that is the people that are joined ahead of the original people had already taken the turn or had followed the tarred road past the lane when the smoke first appeared." Wat sê u daarvan? -- Wat is die vraag? Herhaal die vraag?

Stem u saam met die stelling? -- Ja.

So, daar was 'n nuwe "vanguard" by die mars? -- Ek sê daar was heelwat klomp mense wat heel voor was terwyl ons die interseksie genader het. Ek volg nou nie wat u daarby bedoel as u sê ek sê dit is reg, daar was 'n ander "vanguard" gewees nie.

Die stelling hier is dat die nuwe "vanguard" was al verby die interseksie toe die rook die eerste keer gesien is?

MR BIZOS : I am sorry to interrupt the cross-examination, but a question is put which is not borne out by the record. I realise that Your Lordship was looking at something else.

COURT : No, we did not follow that question. I am sorry.

MR BIZOS : No, this is why. I realised this. Precisely the opposite of what appears in the record was in fact put.

HOF : Herhaal net die vraag, asseblief?

MNR. FICK : Stem u saam dat die nuwe "vanguard" wat nou reeds by u groep aangesluit het, voor aangesluit het, het alreeds die draai gevat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die getuie sê daar was nie 'n nuwe "vanguard" nie. Die getuie sê daar het 'n klomp mense gepoog om voor aan te sluit en hulle het hulle toe agtertoe gejaag. Dit is wat hy sê en toe hy met die proses klaar is, toe was hy weer voor met sy plakkate en al. Die mense het omgedraai hier voor hom, toe is hulle voor, dan is dit hulle plakkate en sy plakkate en dan is dit hy en sy mense en toe het hulle ingespring en hulle het die spulletjie uitmekaar gemaak en hulle agter in gekry dat die plakkate weer voor is en vort gegaan. Dit is sy getuienis.

MNR. FICK : Dan is daar net een stelling wat ek oor hierdie hele aspek wil maak en dit is, daar is nooit aan u regsverteenwoordiger gesê dat hierdie groep wat voor aangesluit het het infiltreer agter u groep se voorpunt in nie, want dit is nooit aan enige van die Staatsgetuies gestel nie. Stem u saam?

HOF : Ek het hierdie soort van kruisverhoor nog nooit goed verstaan nie. As dit op rekord is dat dit gestel is, dan is dit gestel. As dit op rekord is dat dit nie gestel is nie, is dit op rekord dat dit nie gestel is nie. Hoe neem dit die saak enigsins verder om met die getuie daaroor te argumenteer? U kan met ons daaroor argumenteer aan die einde van die saak. U kan net vir hom sê "Kyk, ek sê vir jou dit is nooit gestel nie. Wil jy enige kommentaar daarop lewer?" U hoef nie eers die goed vir ons te lees nie. Dit is natuurlik raadsaam om dit te lees omdat u partykeer verkeerde stellings gemaak het.

MNR. FICK : Ek stel dit aan u dit is nooit aan die Staatsgetuies gestel dat hierdie groep wat voor aangesluit het uiteindelik weer gaan agter aansluit het nie? -- Dat dit nie gestel was nie?

Ek sal dit daar los. Ek sal later terugkeer, nadat ek sekere dokumente met u behandel het, na die voorval waar die polisie u gestuit het. Kan u net vir die Hof sê die Sithole wat u van praat wat die aand daar na u gekom het en vir u gesê het in verband met Tshotshotsho se winkel wat beskadig is, is dit dieselfde man Joseph Sithole wat in die onluste oorlede is? -- Ja, dit is die waarheid.

HOF : Was hy op ŉ komitee, ŉ gebiedskomitee? -- Ek weet nie by ander gebiede nie. Nie by ons nie.

Was hy nog op skool? -- Nee, ek weet regtig nie.

MNR. FICK : Was hy lid van enige organisasie wat u van weet? -- Ek sê ek weet niks van hom nie.

Ken u ŉ organisasie met die naam Vaal Youth Congress? -- Nee, ek ken nie so ŉ organisasie nie.

Kortliks net die voorval van Tshotshotsho se winkel. Daar was aanvanklik gestel aan die getuie Masenya dat beskuldigde nr. 17 het Tshotshotsho gaan haal by sy huis en dit is later reggestel en daar is beweer dat beskuldigde nr. 17 se voertuig gebreek het, hy het hom nie gaan haal na die winkel toe nie. Stem u daarmee saam?

HOF : Moet hy saamstem dat dit gestel is of moet hy saamstem met die korrektheid of verkeerdheid van die stelling?

MNR. FICK : Stem u saam dat beskuldigde nr. 17 se voertuig gebreek het en beskuldigde nr. 17 het toe nie vir Tshotshotsho daar aangebring nie? -- Nie op die manier wat u dit stel nie. Ek stem nie saam nie. Om die volgende redes. Beskuldigde

nr.17/...

nr. 17 se voertuig het loop staan na hy by Tshotshotsho was.

HOF : Nadat hy Tshotshotsho gebring het, of na hy by Tshotshotsho was maar voordat Tshotshotsho self daar was? -- Wat gebeur het is die volgende. Beskuldigde nr. 17 is na Tshotshotsho toe en het by Tshotshotsho aangedoen. Op pad na die toneel toe waar ons was, het sy voertuig eers gaan staan waar hy gebreek het. Terwyl hy nog daar gestaan het met die voertuig wat gebreek het, het Tshotshotsho by beskuldigde nr. 17 verbygegaan en hy wat Tshotshotsho is het eerste by ons daar by die toneel gekom.

MNR. FICK : Was Masenya nie ook na Tshotshotsho toe om vir Tshotshotsho te gaan haal nie? -- Ek weet nie van Masenya of hy daar was nie.

Toe die polisie traangas gegooi het daar, was Tshotshotso by gewees? -- Dit is voor hy daar gekom het maar onmiddellik nie lank na dit gebeur het, het hy daar gekom nie want ons het daar gestaan en wag vir Tshotshotsho.

En daar was ŉ groot groep mense daar gewees by die winkel? -- Ja, dit is waar, daar was ŉ groot groep mense daar gewees.

Was u klaar met die sweiswerk toe Tshotshotsho opgedaag het? -- Ja, toe Tsthotshotsho opgedaag het, was alles al verby. Alles was al klaar gedoen.

Ek wil dan met u gaan na die besoek van 4 September 1984 aan Masenya. Watter tyd van die dag het u hierdie gesprek met Masenya gehad oor die VCA? -- Al kan ek nie met sekerheid sê hoe laat presies dit was nie, was dit laat middag om en by 19h00. Ek is nie seker van die tyd nie.

U sê vir die Hof Masenya se vrou het ŉ rapport gekry en sy het die rapport daar in u teenwoordigheid bekend

gemaak/...

gemaak in verband met die skade aan hulle huis?

HOF : Die huis was mos nie beskadig nie?

MNR. FICK : In verband met beskadiging aan die huis. Hy was nog nie op daardie stadium beskadig nie? -- Ja, dit is so. Sy het in my teenwoordigheid so gesê.

Sy het nie gesê wat sy gehoor het, hoekom gaan haar huis aangeval word nie? -- My getuienis dat hierdie dag het ek vir mev. Masenya by Mokoena teëgekom. Op ŉ later stadium het ek myself by Masenya se huis bevind saam met Masenya en sy vrou waar Masenya se vrou die verslag gedoen het aan haar man van wat sy gehoor het en toe gesê het dat sy verneem dat die VCA mense sal haar huis kom aanval. Na aanleiding waarvan Masenya toe aan haar gesê het "Dit is nie die VCA nie. Dit is nie die gedrag van die VCA wat jy aan my oordra nie. Ek het daarvan verneem terwyl ek in Gebied 13 was." Die vrou het nie ŉ rede verstrek hoekom sê hulle dat haar huis aangeval sal word nie.

U klink baie oortuig daarvan dat daar nooit ŉ rede verstrek is nie? -- Masenya het geen melding daarvan gemaak nie. Al wat hy daar bekend gemaak het terwyl hy met sy vrou praat was dat hy daarvan ook verneem het te Gebied 13.

HOF : So, is u getuienis dat nòg Masenya nòg mev. Masenya het melding gemaak van ŉ beweerde rede waarom die huis aangeval moet word? -- Dit is korrek. Terwyl ek daar was, was daar geen melding van gemaak nie.

MNR. FICK : Daar was ook geen spekulasie vir wat ŉ rede sou wees nie? -- Ja, daar was geen spekulasie nie. Eintlik was dit die rede hoekom ek gesê het as daardie mense kom, dan moet hulle vir my of Mokoena laat roep sodat ons by die mense kan kom hoor wat die rede is, hoekom hulle Masenya se huis

aan/...

aan die brand moet steek.

En u is die man wat spesifiek oor hierdie voorval opdrag gegee het aan mnr. Bizos. Is dit reg? -- Al wat ek vir mnr. Bizos gesê het was dat ek saam met Masenya was op die 4de, toe dit beweer word dat daar mense is wat sê dat hulle Masenya se huis aan die brand kom steek. Daar is niks verder wat gebeur het nie.

U sien, ek wil aan u stel volume 14 bladsy 671 daar stel mnr. Bizos - dit word duidelik uit hierdie bladsy dat u die persoon is wat die opdrag daar gegee het, want daar staan verder ongeveer van die 7de reël af "And that there was a discussion about the report received by your wife that your house may be burnt down because of your assocation with Mohage and other police officers. Do you recall that?" -- Verstaan ek u reg, dit is die stelling van mnr. Bizos? aan Masenya?

Dit is reg. -- Dit is duidelik volgens my verduideliking, ek sou nie vir Masenya gevra het of hy weet wie die persone is en indien hulle kom moet hy ons laat kom nie, as ek geweet het presies wat die oorsprong van die hele ding is en wat die oorsaak is van die hele ding en waarvanaf dit kom soos dit nou gestel word. Het ek daarvan geweet, sou ek nie eers die moeilikheid gemaak het om na sy woning toe te gaan nie.

Die tweede aspek van hierdie sogenaamde gesprek wat my pla is die feit dat u het vandag weer twee keer, nou so pas getuig dat Masenya het gesê hy was by hierdie sjebeen in Gebied 13 waar hy hierdie rapport gekry het ook dat sy huis beskadig gaan word. Maar aan die getuie Masenya was gestel dat hy was in 'n sjebeen in Gebied 14, 'n ander plek, toe

hy/...

hy hierdie ding gehoor het. Wat is nou reg? -- Dit kan wees dat dit miskien 'n fout is aan die kant van mnr. Bizos, want wat ek gesê het is Masenya het gesê hy het hiervan gehoor te Gebied 13.

HOF : In 'n sjebeen? -- Ja, toe ons daar gepraat het, het hy so gesê.

MNR. FICK : Ek wil net aan u stel hierdie gesprek het nooit plaasgevind nie? -- Waar? By Masenya?

Ja? -- Ek is definitief seker dat ek op die 4de by Masenya se huis was en ek is soontoe saam met Masenya se vrou. Masenya, toe hy daar gekom het het, het hy ons daar gekry. Hy het daar in 'n voertuig gekom.

Ek wil met u gaan na die kwessie van die vergadering van 4 September 1984. U het aan die Hof meegedeel dat u het kennis gekry van hierdie vergadering van Edith en beskuldigde nr. 6? -- Ek sê Edith het daar in beskuldigde nr. 6 se voertuig gekom. Edith alleen het die perseel binnegekom. Beskuldigde nr. 6 het agtergebly in sy voertuig. Edith is dus die persoon wat vir my in kennis gestel het van hierdie vergadering wat gehou gaan word.

Het Edith vir u gesê waaroor word die vergadering gehou? -- Al wat sy gesê het is daar moet 'n dringende vergadering gehou word om sekere dringende voorvalle te gaan bespreek.

En u het geswyg en nie vir haar gevra maar wat is nou so dringend dat ons dit moet gaan bespreek nie? -- Ek het nou net gesê dat sy vir my gesê het dit is 'n baie dringende voorval of gebeurtenisse wat baie dringend bespreek moet word. Dit was dus vir my duidelik gewees dat daar 'n groot haas was oor hierdie vergadering. Daar was dus nie tyd om verdere vrae te vra nie.

Nou/...

Nou kom ons by die vergadering self van 4 September. U het 'n aantal persone genoem, maar u het twee mense nie genoem nie wat ek u oor wil vra. Die een is u oom Sefako Mokoena. Was hy nie ook daar by die vergadering nie? -- Omrede dit nou lank gelede plaasgevind het, het ek mense getel wat teenwoordig was daar. Dit is die wat ek onthou het toe ek getel het. Maar na u nou melding gemaak het van Sefako, nou onthou ek Sefako was ook daar teenwoordig.

En ek wil vra Esau, was hy nie ook daar nie? -- As ek reg onthou het ek van hom melding gemaak. Het ek nie van hom melding gemaak nie?

HOF : Dit maak nie saak nie. Was hy daar of was hy nie daar nie?-- Hy was daar gewees.

MNR. FICK : En hierdie Sithole was ook daar gewees? -- Dit is so.

HOF : Dit is nou Joseph Sithole? -- Ja, dit is die waarheid.

Maar kan 'n mens dan nie daarvan aflei dat Joseph Sithole een of ander funksionaris was in een of ander gebiedskomitee of een of ander verwante organisasie nie? -- Ek het alreeds verduidelik ek weet niks van sy betrokkenheid in enige organisasie nie.

MNR. FICK : Maar in elk geval, die mense wat daar was, behalwe Sithole, het u geweet behoort aan die VCA? Die plaaslike mense wat daar was op die vergadering het u geweet die hele ou lot behalwe Sithole behoort aan die VCA?

MR BIZOS : Is that fair in view of the presence of accused no. 6?

HOF : En ek dink ook nie dat dit korrek is om na 'n groep mense as die hele ou lot te verwys nie. U kan u taal darem 'n bietjie temper.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Kom ek herformuleer die ding. Is dit korrek, u het geweet dat almal wat daar was van die plaaslike mense van die Vaal Driehoek was lede van òf die VCA òf ERPA en net Joseph Sithole het u nie van geweet nie? -- Al wat ek geweet het destyds daar was dat die mense daar bymekaar was almal mense van die VCA. Selfs die persoon by wie ons vergadering gehou het destyds het ek nie geweet of hy aan enige organisasie behoort nie.

HOF : Het u ook gedink beskuldigde nr. 6 behoort by VCA? -- Wat ek sê is die volgende. Ek het nie geweet of daar enige verskil was nie. Omdat ek die meerderheid van die mense daar geken het as lede van VCA het ek aanvaar dit is ŉ VCA vergadering sonder dat ek gedink het dat daar miskien mense is van ander organisasies.

MNR. FICK : Wat was die doel van die vergadering? Het iemand vir u gesê? -- Ek het reeds gesê ek het eers begin weet hoekom daardie vergadering daar gehou was terwyl ons besig was met die vergadering toe daarvan melding gemaak was dat daar ŉ massavergadering geroep sal moet word om sekere dinge te bespreek byvoorbeeld die gebeure wat daar plaasgevind het. Dit was nie dinge waaroor ons ooreengekom het nie en verder nog ander dinge te bespreek.

En om te rapporteer aan die vriende wat u daar gesien het, Frank Chikane, wat daar gebeur het in die Vaal? -- Ek het gesê ek het die indruk gekry dat mnr. Chikane daar was aangaande die drukkery van ŉ pamflet wat uitgestuur moet word en later het ek nog verder vir hierdie Hof gesê dat hy miskien daar was, ek weet nie, om self te kom hoor wat het gebeur, want ek het daar verneem dat hy alreeds met ander mense in aanraking was in die loop van die dag.

En/....

En op die vergadering self, het die heer Frank Chikane gevra "Nou maar sal iemand vir my sê wat het gebeur op 3 September? Wat is die oorsaak van die probleme?"-- Al kan ek nie meer onthou of hy spesifiek so gevra het al dan nie, maar as ek nou moet dink, dit moes gebeur het dat hy so ŉ vraag gevra het of navraag gedoen het daaromtrent.

HOF : Hoekom sê u so? -- Byvoorbeeld ek sê hier die rede van hierdie vergadering was omdat daar sekere dinge plaasgevind het wat ons nie ooreen op gekom het nie. So, met ander woorde, as ons daarvan begin praat, is dit normaal. ŉ Mens sal dan vra "Wat het gebeur?" In daardie sin sê ek dan dit kan wees dat hy gevra het.

MNR. FICK : Het hy gevra of wat het gebeur? -- Ek het nou net gesê ek kan nie meer onthou of hy direk so ŉ vraag gevra het nie, maar ek sê dit is moontlik dat hy dit gevra het.

Is u getuienis dat u tot vandag daar waar u staan nie weet wie is Frank Chikane of watter pos hy beklee het nie?

HOF : Dit is twee vrae. Een vraag is weet u wie is Frank Chikane. Die tweede vraag is watter pos hy beklee het? Hy moet klaarblyklik weet wie is Frank Chikane want hy sê hy het hom daar gesien en hy weet dit is Frank Chikane.

MNR. FICK : Is u getuienis dat u tot vandag toe nog nie weet watter poste Frank Chikane beklee het gedurende September 1984 nie? -- Nee, ek weet nie van die poste wat hy beklee het nie. Behalwe dat ek verneem het hy is ŉ predikant.

Waarom ek dit aan u stel is, beskuldigde nr. 10 het getuig toe hy kennis gekry het van hierdie selfde vergadering ook van onder andere Edith Lethlake, toe Edith en beskuldigde nr. 17 en nr. 8 opgedaag het en vir hom gesê het dat ŉ "urgent meeting had been arranged for the area committee

members/...

members and the executive members of the VCA to come together with the Transvaal - one of the Transvaal vice-presidents of the UDF, Reverend Frank Chikane, with the purpose of seeing what could be done to bring relief to the situation in the Vaal." -- As ek die vraag mooi verstaan is die stelling dat dit plaasgevind het waar ek nie by was nie. Dus kon ek dit nie gehoor het nie.

Kan u aan 'n rede dink waarom hulle vir u wou verswyg het dat Frank Chikane is 'n vise-president van UDF en dat die doel van die samesprekings daar is om verligting te bring (10) vir die situasie in die Vaal? -- Ek het dit nie gehoor waar dit genoem was deur hulle by beskuldigde nr. 10 nie. En tweedens, ek het net van Edith gehoor van hierdie vergadering. Derdens, ek het niks te doen met die UDF nie. Ek het te doene met my organisasie wat te doene het oor die probleme van die huur in my gebied.

GETUIE STAAN AF.

MR BIZOS : My Lord, may I indicate to Your Lordship that we have indicated to the State last week that the next witness will be Mr Petrus Mokoena, accused no. 6. (20)

MNR. FICK : Ek kan net meld die verwysing wat ek aangehaal het is volume 161 bladsy 7 942.

HOF VERDAAG TOT 3 MAART 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-4-184**
*Document Title:-* **Vol 184 p 9500-9566. Witness: Ramagula**